# 3. BUITE-INVLOEDE MET BETREKKING TOT DIE ADMINISTRASIE VAN DIE ONDERWYS

## 3.1 Die inspeksiestelsel: 1910-1960

### 3.1.1 'n Kort oorsig van die Britse inspeksie=stelsel

#### 3.1.1.1 Inleiding

Na die Anglo-Boereoorlog sou die primêre onder=wys in Transvaal nie verder deur 'n Boereregering geïnisieer word nie, maar wel deur die Britse oorwinnaar wat met vreemde idees en beginsels op onderwysgebied vorendag gekom het.[1]

Inspeksie was 'n aspek in die primêre onderwys in Transvaal wat vanaf 1910 sterk Britse beïn=vloeding getoon het. Die rede hiervoor moet ge=soek word in die pro-Britse Direkteur van Onder=wys, J.E. Adamson, wat sy amp van 1905 tot 1924 be=klee het.

Die Smuts-onderwyswet van 1907 het die aanstel=

---

1) BOT, A.K.: Die ontwikkeling van onderwys in Transvaal, 1836-1951, p. 44.

ling van inspekteurs van onderwys voorsien "... om te assisteer in die administrasie van die Departement (en) wat sodanige bevoegdhede sal besit en sodanige pligte sal vervul..."[2] Hier= die "... native, sound and liberal..."[3] wet - soos Adamson dit genoem het - was 'n doeltref= fende instrument in die hande van die Direkteur om die Britse inspeksiestelsel in die Transvaalse primêre onderwys in te voer.

---

Om 'n beter perspektief van die invloed van die Engelse inspeksiepraktyk op die Transvaalse inspeksiestelsel te kry, is dit nodig om sekere aspekte van die Britse stelsel uit te lig.

#### 3.1.1.2 Nederlandse invloed op die Britse inspeksiestelsel

Volgens Monroe is die Engelse inspeksiestelsel deur die Nederlandse stelsel beïnvloed. Reeds vanaf 1837 het die Nederlandse inspeksiestelsel op 'n indelingstelsel berus. 'n Inspektoraat, bestaande uit die inspekteurs van onderwys, het toegesien dat skole twee keer jaarliks besoek

---

2) Wet no. 25 van 1907, art. 4.
3) T.E.D.: Report, 1907-07-30, p. 7.

word. Hierdie liggaam het ook jaarliks konferen=sies gehou waar onderwyssake in oënskou geneem is.[4]

### 3.1.1.3 Die eerste Britse inspekteurs van onderwys

Smith beweer dat die Britse kabinet in 1839 die Nederlandse inspeksiestelsel beskou het as "... so devised to be in perfect harmony with the municipal institutions of the country and the character and feelings of the inhabitants".[5] Dit het gelei tot die aanstelling van die eerste twee Britse inspekteurs op 9 Desember 1839, tw. J. Allen en S. Tremenheere.[6] Hulle moes rappor=te oor inspeksiebesoeke aan skole opstel, en ook leiding aangaande onderwysaangeleenthede aan skoolhoofde verskaf.[7] Verder moes hulle toe=sien dat die staatsgeld wat aan onderwys toegesê

---

4) MONROE, P.: Cyclopedia of education, p. 425.
5) SMITH, F.: The life and work of Kay Schutt=leworth, p. 25.
6) BALFOUR, G.: The educational systems of Great Britain and Ireland, p. 6.
7) SELBY-BIGGE, L.A.: The board of education, p. 1.

is, doeltreffend aangewend word. Hulle was ver=plig om skole twee keer jaarliks te inspekteer.[8)]

### 3.1.1.4 Die "payment-by-results"-stelsel

Balfour formuleer hierdie stelsel soos volg: "The grant to schools was to depend on the attendance, but subject entirely to the results of an individual examination by H.M. Inspectors passed by each child in reading, writing and arithmetic".[9)] Hierdie betaal-volgens-verdienste-stelsel is reeds vanaf 1862 in Britse primêre skole ingevoer.[10)]

### 3.1.1.5 Die Britse inspekteur van onderwys word eksaminator

Die Engelse "Revised Code of Regulations" (1862) - 'n voorskriftelike kode vir die reëling van die Britse onderwys - het bepaal dat S.M.-inspekteurs alle primêre skole volgens dieselfde standaard moes beoordeel wanneer hulle geïnspekteer word. Inspekteurs het algehele toesig oor die skrywe

---

8) MONTMERENCY, J.E.: The progres of educa=tion in England, p. 117.
9) BALFOUR, op. cit., p. 15.
10) MONTMERENCY, op. cit., p. 117.

van eksamens gehad en was derhalwe eksaminatore. Die uitwerking van hierdie metode op die onder=wyser-kindverhouding het met verloop van tyd nadelig geblyk te wees; dit is soos volg deur Smit omskryf: "The inspector no longer went to the school as a visitor, but as an examiner and probably as an inquisitor as well".[11)]

### 3.1.1.6 Die oorsprong van standerds

Om die "payment-by-results"-stelsel uit te voer, moes leerlinge individueel geïnspekteer word; die inspeksie het nie op ouderdomme berus nie, maar het volgens standerds geskied. Dié stelsel word soos volg deur Balfour omskryf: "The Standards were certain specified tests of reading, writing and arithmetic, laid down in gradations of difficulty ..."[12)]

### 3.1.1.7 Hoof- en assistentinspekteur van onderwys

Smit beweer dat die eerste Britse hoofinspekteur van onderwys in 1882 aangestel is. Hy was die

---

11) SMIT, G.J.J.: The evolution of the system of school inspection in England (1833-1944), vol. 1, p. 39.
12) BALFOUR, op. cit., p. 17.

hoof oor twaalf inspeksiekringe wat as sy afde=ling bekend gestaan het. Sewe jaar later was daar reeds 11 hoofinspekteurs en 87 inspekteurs.[13]

Ook sogenaamde sub-inspekteurs is van tyd tot tyd sedert 1882 benoem; hulle het ook as assis=tent-inspekteurs bekend gestaan. Hierdie ampte=nare is aangestel uit die geledere van die knap skoolhoofde van die primêre skole en was assis=tente van senior inspekteurs. Toe die "payment-by-results"-stelsel in 1895 in Engelse primêre skole afgeskaf is, is inspekteurs toegelaat om jaarlikse inspeksies uit te skakel, maar hulle kon skole sonder kennisgewing besoek. Sedert 1896 is ook dames as inspektrises aangestel wat junior inspekteurs (sic.) genoem is.[14]

### 3.1.2 Die Transvaalse inspeksiestelsel

#### 3.1.2.1 Inspekteur en kringstelsel

Volgens Van der Walt is die benaming "inspekteur" en die funksie van "inspeksie" soos dit vanaf 1910 in die primêre skole van Transvaal uitge=

---

13) SMIT, op. cit., p. 123.
14) BALFOUR, op. cit., p. 37-8.

voer is, van Britse oorsprong.[15)]

In 1910 was daar 17 Inspekteurs van Onderwys in die provinsie Transvaal. Vir inspeksiedoelein= des is die provinsie in 12 kringe verdeel[16)] - 'n duidelike Britse beïnvloeding.

Mej. A.H.M. du Boulay was die inspektrise ver= antwoordelik vir Naaldwerk, asook vir sake wat onderwyseresse en meisies in die besonder ge= raak het "... en niet de jongens in de openbare scholen affekteert.[17)] Adamson het ingesien dat 'n dame in hierdie betrekking noodsaaklik was, iets wat in die Britse onderwysstelsel doeltref= fend aangewend is.

Aan die einde van Direkteur Adamson se dienster= myn (1924) was inspekteurs van onderwys verant= woordelik vir inspeksiewerk vir 920 primêre skole met 'n inskrywingstal van 44 214 leerlinge.[18)]

Die T.O.D. het in 1940 24 inspekteurs in sy diens

---

15) VAN DER WALT, N.: 'n Krities-historiese oorsig van die eksamen-en inspeksiestel= sels in die Transvaal, 1910-1940, p. 30.
16) T.O.D.: Jaarverslag, 1924-31, pp. 4-5.
17) Ibid., p. 6.
18) T.O.D.: Jaarverslag, 1924-12-31, p. 33.

gehad,[19] wat tot 39 in 1960 aangegroei het.[20] In hierdie jaar was daar 18 kringe met 677 primêre skole, 7 111 onderwysers en 212 240 leerlinge[21] - 'n omstandigheid wat professionele leiding en professionele beheer van die onderwys feitlik 'n onbegonne taak gemaak het.[22]

Die feit dat die kringstelsel vanaf Engeland na Transvaal oorgebring en met verloop van tyd uitgebrei is, getuig van die doeltreffendheid van hierdie Britse instelling met betrekking tot inspeksie-onderwys en moet as 'n voorwaartse stap gesien word. Dit het sowel inspekteurs as die T.O.D. in staat gestel om die primêre onderwys in die provinsie te koördineer.

3.1.2.2 <u>Inspekteursverslae</u>

In 1913 was daar 18 inspekteurs in diens van die T.O.D.; hulle was hoofsaaklik vir inspeksie in die primêre skole verantwoordelik. Die gebruik was dat elke inspekteur 'n inspeksieverslag aan

19) T.O.D.: Jaarverslag, 1940-12-31, p. 5.
20) T.O.D.: Jaarverslag, 1960-12-31, pp. 1-2.
21) Ibid., p. 20.
22) T.O.D.: Jaarverslag, 1950-12-31, p. 8.

die Departement moes voorlê.[23] Hierdie gebruik is ontleen aan die Britse inspeksiestelsel, wat bepaal het dat elke inspekteur 'n rapport oor 'n skool moes uitbring vir voorlegging aan die sogenaamde "Committee of Council". So 'n rapport "... would be helpful in giving Parlia= ment an insight into the state of popular educa= tion and would indicate the nature of the short= comings and the manner in which defects could be rectified".[24]

In 1840 is daar in Engeland 'n raamwerk aan in= spekteurs verskaf waarvolgens inspeksies uitge= voer moes word. Sake wat aandag moes kry, was "... mechanical arrangements, means of inspec= tion, organization and discipline, methods of instruction, attainments in reading, writing and arithmetic".[25]

Hierdie raamwerk is ook deur T.O.D.-inspekteurs in gewysigde vorm gebruik. As voorbeeld geld inspekteur J.P. Botha van die Suid-westelike kring se verslag van 1912 wat die volgende as= pekte ingesluit het:

---

23) T.O.D.: Jaarverslae, 1910-1913.
24) SMIT, op. cit., p. 48.
25) Ibid., p. 50.

* Aantal skole wat geïnspekteer is. Dit het aangeleenthede behels soos leerlingtal, onderwysers, sentralisasie, gehalte van onderwys, eksamen.

* Skoolvakke. Rapport is uitgebring oor Lees, Resitasie, Komposisie, Rekene, Ge=skiedenis, Aardrykskunde, Natuurstudie, Sang en Tekene, en Statistiek.[26)]

---

Die ontwikkeling van die primêre onderwys het groot vereistes aan T.O.D.-inspekteurs gestel. Gaandeweg het die werksaamhede grootliks ver=meerder en moes verslae wyer terreine dek. Die raamwerk waarvolgens die inspeksieverslae opge=stel is, het bly voortbestaan tot 1960, met die nodige aanpassings om aan die Direkteur presiese inligting te verskaf. Die Direkteur van Onder=wys het in 1959 vermeld dat jaarverslae van in=spekteurs die volgende skoolaangeleenthede gedek het: aantal leerlinge, koshuisakkommodasie, skoolgeboue, vervoerdienste, meubelvoorsiening, skoolterreine, watervoorsiening, oudio-visuele apparaat en alle primêre skoolvakke.[27)] Al=

26) T.O.D.: Jaarverslag, 1912-12-31, pp. 200-2.
27) T.O.D.: Jaarverslag, 1959-12-31, pp. 19-21.

hoewel die "oorspronklike" Britse inspeksierap= port teen 1959-1960 al grootliks verander het, was die invloed daarvan nog merkbaar soos in laasgenoemde geval aangetoon is. Dit was 'n stelsel wat 'n behoefte bevredig het en daarom het dit gekom en gebly.

### 3.1.2.3 Hoofdelike inspeksie

Hoofdelike inspeksie is 'n inspeksiemetode wat teen die einde van die 19de eeu reeds in Engeland uitgedien was en afgeskaf is. Dit is deur Adam= son in Transvaal ingevoer en alhoewel hy in 1912 sekere bedenkinge oor die stelsel geopper het, is dit nie voor 1927 in die Transvaalse primêre skole afgeskaf nie. Die vraag ontstaan waarom die T.O.D. vir 17 jaar met 'n uitgediende Britse stelsel in Transvaal volgehou het. Die antwoord stem in hooftrekke ooreen met die redes wat in Engeland vir die behoud daarvan verskaf is, naam= lik dat menige skoolhoof en onderwyser weens ge= brek aan ervaring en opleiding nie as genoegsaam bekwaam beskou is vir die taak van eksaminering van leerlinge nie.[28] Inspekteurs W. Klooster en T. Ligertwood het 'n sprekende opsomming van

---

28) T.O.D.: Jaarverslag, 1919-12-31, p. 237.

die situasie in Transvaal in 1912 gegee, naamlik: "... we hebben te veel hoofden, die assistent moeten zijn, en te veel assistenten voor de klas, die er in moeten zitten ..."[29]

3.1.2.4 Nadele verbonde aan die hoofdelike inspeksiestelsel

T.O.D.-inspekteurs het met verloop van tyd in toenemende mate aangedring op 'n verandering in die inspeksiestelsel. Inspekteur J.D. Kerrich het beweer dat die "... stelsel van hoofdelike eksaminere (sic.) (wat) 'n erfenis vanuit Engeland..." was, die onderwys gekommersialiseer het. Dit het aanleiding gegee tot blote afrig= ting of drilwerk in die skoolvakke met die ge= volg dat leerlinge geen diepgaande, vormende waarde daaruit kon put nie. Vir die verant= woordelike, pligsgetroue onderwyser wat 'n goeie resultaat as verdiende loon op sy arbeid ontvang het, was "betaling-volgens-resultate" 'n doel= treffende middel om 'n doel te bereik. Die ge= vaar het egter daarin geskuil dat die middel (geld) in toenemende mate doel op sigself geword

---

29) T.O.D.: Jaarverslag, 1912-12-31, p. 153.

het en dat die werklike onderwysoogmerke sodoen= de verlore gegaan het.[30]

Daar is verder aangevoer dat hoofdelike inspek= sie te veel van die inspekteur se tyd in beslag geneem het. Geen inspekteur kon reg aan sy amp laat geskied as hy jaarliks duisende leerlinge individueel moes eksamineer nie. Hierdie stel= sel het T.O.D.-inspekteurs dus verhinder om as ware leiers en onderwysadviseurs op te tree.[31] In sommige inspeksiekringe moes daar selfs in Augustus al met eksaminering begin word. Hier= die situasie het weer probleme ten opsigte van twyfelagtige leerlinge veroorsaak; 'n leerling kon in 4 maande van die jaar soms 'n metamorfose ondergaan, òf ten voordele òf ten nadele van homself. 'n Leerling wat dan eintlik moes slaag, sou waarskynlik druip, of andersom.[32]

'n Verdere beswaar teen die stelsel van hoofde= like inspeksie was geleë in die negatiewe invloed wat dit op die status en eiewaarde van die onder= wyser gehad het. Die onderwyser is nie net in sy

---

30) T.O.D.: Jaarverslag, 1920-12-31, p. 148.
31) Ibid., p. 177.
32) Ibid., p. 149.

eie oë nie, maar ook in die oë van die publiek afgetakel.[33] Van der Walt beweer dat sommige inspekteurs - byvoorbeeld J.H. Botha e.a. - hulle skuldig gemaak het aan foutsoekery, dat min waardering vir goeie werk uitgespreek is en dat kritiek ligtelik op die werk van onderwysers uitgespreek is. As eksaminator het die inspek= teur oor baie mag beskik en vrees by leerlinge sowel as onderwysers ingeboesem. Die gevolg was dat inspekteurs deur onderwysers en leerlinge met 'n soort magiese agterdog bejeën is wat die smee van vriendskapsbande en die uitoefening van goeie invloed op die onderwys grootliks verydel het.[34] Inspekteur W. Klooster het in dië ver= band beweer dat hoofdelike inspeksie van die onderwysers "... kleine knechtjes ..." en van die inspekteurs "... grote kleine mannen ..." en "in= kwisiteurs" gemaak het. Die beëindiging van hoof= delike inspeksie daarenteen, "... 'zal de leerling ten goede komen, omdat't werk kalmer, deegliker zal worden verricht en omdat de tyd voor eksamenkunstjes en eksamendril kan gegeven worden aan een ruimer algemene ontwikkeling ..."[35]

---

33) Verslag van die Transvaalse Onderwys= kommissie van 1917, pp. 68-70.
34) VAN DER WALT, op. cit., p. 130.
35) T.O.D.: Jaarverslag, 1914-12-31, p. 108.

Die besware wat deur T.O.D.-inspekteurs teen hoofdelike inspeksie ingebring is, het grootliks ooreengestem met dié van die Britse inspekteurs teen die stelsel in Engeland. Die bogenoemde standpunt van Klooster toon ook beïnvloeding van die beskouing van Selby-Bigge, wat die vol=gende stelling ná die afskaffing van hoofdelike inspeksie in Engeland gemaak het: "H.M. Inspec=tors was no longer a mere reporter on conditions that prevailed in a school. He was expected also to act as a dynamic leader in education. It was he who had to encourage teachers in the compiling of satisfactory schemes of work and to inspire them to educate as well as to instruct".[36)]

### 3.1.2.5 Inspekteurskonferensies

Vanaf 1910 is gereeld twee keer per jaar - gewoon=lik in Junie en Desember - inspekteurskonferen=sies op aandrang van die Direkteur van Onderwys gehou. Die konferensiegedagte is van Nederland=se oorsprong, maar is deur Engeland oorgeneem en verwerk om by die Britse onderwysbehoeftes aan te pas. Dit was 'n samekoms van al die inspek=teurs in bepaalde streke met die doel om aan

---

36) SELBY-BIGGE, op. cit., p. 48.

inspekteurs die geleentheid te gee om oor aller=
lei sake rakende die onderwys te diskusseer.
Nuwe onderwyswenke en idees is gedurig bespreek
met die oog op eenvormige optrede.[37)]

Hierdie stelsel is heelhuids deur Adamson in
Transvaal ingevoer sodat die inspekteurskonferen=
sies onder sterk Britse beïnvloeding fungeer het.
'n Program van werksaamhede is onder voorsitter=
skap van die Direkteur opgestel en elke inspek=
teur moes 'n referaat op die konferensie oor 'n
belangrike onderwysaangeleentheid lewer. Sulke
referate is gewoonlik deeglik deur die vergade=
ring bespreek en hierdie "... discussions on
professional matters of both general and local
interest were found valuable and stimulating."[38)]

Die Britse invloed op hierdie onderwysaspek is
veral duidelik as gelet word op die inspekteurs=
konferensie van 1919. 'n Britse uitgangspunt
was die deelname van inspekteurs; hulle was die
amptenare wat die lesings soos op die program
aangedui, moes lewer. In Transvaal was dit
presies dieselfde as op die program van die bo=

---

37) VAN DER WALT, op. cit., p. 130.
38) T.E.D.: Report, 1912-12-31, p. 8.

genoemde konferensie gelet word:

* Die reëling van die onderwys.
  J.E. Adamson (Direkteur).

* Administrasie van die onderwys.
  H.S. Scott (Sekretaris).

* Godsdiensonderrig.
  C.H. Acheson (Inspekteur).

* Rekenkunde en die primêre skool.
  J.P. Botha (Inspekteur).

* Die onderrig van Engels aan Hollandse kinders.
  J.D. Kerrich (Inspekteur).

* Die organisasie van plaasskole.
  W. Klooster (Inspekteur).

* Primêre kursusse.
  D. Linney (Inspekteur).

* Die onderrig van Afrikaans aan Engels=sprekende leerlinge.
  J. Lub (Inspekteur).

* Inspekteurswerk en -verslae.
  J.L. Moerdijk (Inspekteur).

* Aardrykskunde in die primêre skool.
  A.M. Robb (Inspekteur).

* Organisasie van onderwys in 'n dorpsgebied.
  F.H. Thompson (Inspekteur).

* Samewerking tussen skool en huis.
  P.M. van der Lingen (Inspekteur).

* Morele en godsdienstige onderrig.
  H. Visscher (Inspekteur).[39)]

Inspekteurskonferensies wat in die volgende jare plaasgevind het, is - met die nodige aanpassing - volgens hierdie raamwerk voortgesit. Dis 'n be= wys dat die Engelse invloed gevestig geraak het. Op die konferensie van Junie 1953 byvoorbeeld, is " ... die essensiële aard van die inspekteur se taak, nl. sy professionele diagnose van onder= wystoestande en simpatieke leiding, bemoediging en beheer van skoolwerk beklemtoon".[40)]

---

39) T.O.D.: Jaarverslag, 1919-12-31, pp. 20.-55.
40) T.O.D.: Jaarverslag, 1953-12-31, p. 13.

Die Britse invloed is selfs opmerklik in die pro= gram van die 1960-konferensie wat onder andere die volgende sake met betrekking tot die primêre onderwys omvat het:[41)]

* Gedifferensieerde onderwys in laer (en middelbare) skole.

* Die onderrig van afwykende leerlinge.

* Remediërende onderrig.

* Gestandaardiseerde skolastiese toetse.

* Inspeksie van skole.

* Aanvangsleesonderrig.

* Handskrif in skole.

'n Britse oogmerk met inspekteurskonferensies was onder andere meningswisseling tussen in= spekteurs. Hierdie gedagte lê eweneens opge= sluit in die stelling van Direkteur Du Preez

---

41) T.O.D.: Jaarverslag, 1960-12-31, p. 11.

van Wyk, naamlik dat professionele kontak tussen die inspekteurs van die verskillende kringe ener=syds, en die inspekteursliggaam en beamptes van die hoofkantoor andersyds, - wat die primêre onderwys betref - altyd tydig en waardevol geblyk het.[42]

### 3.1.2.6 Hoofdelike inspeksie deur klasinspeksie vervang

Tussen 1920-1926 het minstens 10 inspekteurs wat baanbrekerswerk in die aanvangsjare van die T.O.D. gedoen het, sy diens verlaat. Jonger manne met nuwe gedagtes oor die onderwys het hulle opgevolg, en aangedring op die wegbreek van die "tradisionele" inspeksiemetode.

Inspekteur J.D. Kerrich het dan ook in 1920 "... 'n stelsel van klasinspeksie ..." in sy kring ingevoer,[43] terwyl inspekteur A. Stephen die kwessie van inspeksie verder gevoer het met die aanbeveling dat "... 'n kommissie van onderwysers (aangestel moet word) om 'n reeks papiere te stel ..." met die oog op die gelyktydige aflê van eksamens (skriftelik) deur alle skole in sy

---

42) T.O.D.: Jaarverslae, 1920-1926.
43) T.O.D.: Jaarverslag, 1920, p. 148.

kring.[44] Inspekteur Kerrich het hierdie stelsel 'n deurbraak genoem wat boonop in die praktyk "... ten hoogste suksesvol ..." geblyk het. Die inspekteur is egter nie uitgeskuif nie, maar die neiging het al meer begin posvat dat "... de overplaatsing van leerlingen naar een hogere standaard grotendeels het resultaat zijn van het overleg tussen de inspekteur, het hoofd en de klasonderwijzer".[45]

Uit bogenoemde verwikkelinge is dit opvallend dat die inspekteur geleidelik losgemaak is van 'n gebruik waarvan hy eintlik los gestaan het. Die onderwyser het die plek wat hom toegekom het, ingeneem en gevolglik 'n hoër status sowel by die publiek as die leerlinge aan wie hy vas ver=bind was, verkry. Die inspekteur het nogtans finale seggenskap oor die oorplasing van leer=linge gehad, maar die klasonderwyser en skool=hoof is met verantwoordelikheid toevertrou wat 'n positiewe verhouding tussen onderwyser en leerling bewerkstellig het. Na die afskaffing van hoofdelike inspeksie in 1927 het hierdie metode vinnig oor die hele Transvaal versprei en

---

44) Ibid., p. 176.
45) T.O.D.: Jaarverslag, 1912-12-31, p. 14.

het die eksaminering van leerlinge uitsluitlik 'n plaaslike aangeleentheid geword, met finale be= kragtiging deur die plaaslike inspekteur.

Die instelling van klasinspeksie in die primêre skole van Transvaal moet gesien word in die lig van 'n soortgelyke stelsel in Engeland, waar dit reeds in 1894 in die primêre skool ingevoer is. Volgens die "Code of Regulations" van 1894 was die onderwysers "... permitted to make their own classification of the pupils and the Inspec= tor would exercise control...". Dit het aan= leiding daartoe gegee dat "... these classes were freed from the tyranny of annual individual in= spection ..."[46] Die groter verantwoordelikheid wat die onderwysers as gevolg daarvan geniet het, was 'n aansporing om aan "H.M. Inspectors" te toon dat hulle tot opvoeding en onderrig in die ware sin van die woord in staat was.[47]

3.1.2.7 Hoofdelike rapporte (Inspeksierapporte)

Die invoering van hoofdelike rapporte vanaf 1935

---

46) Code of regulations for elementary schools, 1894, p. 84.
47) Instructions to His Majesty's Inspectors, 1894, p. 8.

was 'n voorwaartse stap in die ontwikkeling van die inspeksiestelsel in Transvaalse primêre skole. Voortaan was elke skoolhoof verantwoordelik vir die skoolwerk van sy assistent-onderwysers en moes hy aan die einde van elke skooljaar verslae oor die onderwysers en die skool aan die betrokke inspekteur stuur. Die T.O.D. was van oordeel dat "... die groter verantwoordelikheid en gesag wat nou aan prinsipale toevertrou word, tot groter doeltreffendheid in die skole sal lei".[48)]

Inspekteurs van onderwys het hierdie stelsel ver=welkom. Inspekteur W.A. Visser was van oordeel dat dit die status van die betrokke skoolhoof sou verhoog, terwyl die assistent alle geleentheid gebied is om die standaard van sy werk te ver=hoog. Die inspekteur, daarenteen, sou meer tyd tot sy beskikking hê om beheer en kontrole oor die onderwys in sy kring uit te oefen. Voorts sou hy as ware raadgewer en leier in sy inspek=siekring kon optree.[49)] Die instelling van hoofdelike rapporte het die "... swaard van die inspekteur ..." verander in die welkome besoek

---

48) T.O.D.: Algemene omsendbrief, no. 16 van 1935, p. 2.
49) T.O.D.: Jaarverslag, 1935-12-31, p. 114.

van 'n onderwysleier.[50)]

Alhoewel hierdie stelsel deur die "Transvaal Teachers' Association"[51)] sowel as die "Transvaalse Onderwysersvereniging"[52)] weens die "onnodig" vertroulike aard daarvan gekritiseer is, het dit tot in 1960 bly voortbestaan.

Barr en Burton beweer dat 'n sekere Amerikaanse opvoedkundige, T. Gosling, in 1922 die volgende stelling in verband met hoofdelike rapporte gemaak het: "... if there is ever to be adequate supervision, the work must be done mainly by the principals..." aangesien hulle daagliks met onderrig besig gehou word, en derhalwe beter daarvoor toegerus is.[53)] By die opstelling van hoofdelike rapporte moet die uitgangspunt wees "... to make the various principals the real supervisory officers of the schools ... without a special supervisor..." Gosling het beklemtoon

---

50) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1937, par. 729.
51) Editor: Transvaal educational news, January 1938, pp. 6-7.
52) Redaksionele artikel: Gesalfde regters. Onderwysblad, September 1945, pp. 3-4.
53) BARR, A.S. and BURTON, W.H.: The supervision of instruction, p. 40.

- aldus Barr en Burton - dat hoofde sonder die hulp van die inspekteur tot die opstelling van inspeksierapporte in staat was. Deur die inspek=teur van sulke pligte te onthef, sou hy geleent=heid hê om as helper en adviseur op te tree en in staat gestel word om onderhoude en besprekings met die hoofde te voer.[54)]

Volgens Smit het die Britse "Board of Education" met sy totstandkoming reeds hoofdelike "super=vision" voorgestaan, maar dit het die invoering in die primêre skole aanvanklik agterweë gehou omdat dit nog nie "... the necessary public confidence ..." geniet het nie. Na 1895 het die openbare mening in Engeland verander en het skoolhoofde in toenemende mate hul eie skool=rapporte (inspeksieverslae) opgestel.[55)]

Die invoering van hierdie Amerikaans-Britse stel=sel in die Transvaalse skole word deur Smit om=skryf as "... 'n afskynsel van gedeeltelike in=terne inspeksie..." wat buitendien 'n doeltref=fende demokratiese ontwikkeling op onderwysge=bied in die verligte 20ste eeu was.[56)]

---

54) Ibid., p. 41.
55) SMIT, op. cit., p. 407.
56) Loc. cit.

### 3.1.2.8 Die aflosinspekteur

Die eerste aflosinspekteur in diens van die T.O.D. is in 1934 benoem, naamlik F.P.J. du Toit. Die doel met die instelling van hierdie pos was om inspeksiewerk op 'n bevredigende wyse voort te sit,[57] deur 'n vakature te vul weens siekte of verlof van 'n kringinspekteur[58] of weens on=gekende drukte van werksaamhede.[59] Inspekteur P.J. Conradie was die laaste T.O.D.-aflosinspek=teur aangesien dié pos in 1950 afgeskaf is.[60]

Aflosinspekteurs is aangestel uit die geledere van bekwame skoolhoofde[61] - 'n reëling wat onbe=twisbaar onder Britse invloed gestaan het - aangesien dié inspekteurs eweneens suksesvolle skoolhoofde was wat doeltreffende diens in hulle skole gelewer het.[62]

---

57) T.O.D.: Jaarverslag, 1934-12-31, pp. 7-8.
58) Verslag van die Provinsiale Onderwys=kommissie, 1937, p. 69.
59) VAN DER WALT, op. cit., p. 248.
60) T.O.D.: Jaarverslag, 1950-12-31, p. 7.
61) Verslag van die Provinsiale Onderwys=kommissie, 1937, par. 69.
62) VAN DER WALT, op. cit., p. 248.

3.1.2.9 Hoofinspekteur van onderwys.

Vir bykans drie dekades na 1910 is geen hoofin=spekteur van skole deur die T.O.D. benoem nie. Die vraag ontstaan waarom J.E. Adamson nie op so 'n aanstelling aangedring het nie, aangesien die doeltreffendheid daarvan in die Britse stel=sel aan hom bekend was. Miskien het hy nie sy weg oopgesien om 'n Britse bo 'n Hollandse in=spekteur vir so 'n betrekking te verkies, of andersom nie. Hy wou niks in die weg van nasio=nale eenheid lê nie.

Die Provinsiale Onderwyskommissie van 1937 het egter die aanstelling van 'n hoofinspekteur van skole aanbeveel. Die Kommissie het bevind dat die gebruik reeds jare bestaan het waar 'n kringinspekteur sy kollegas bymekaar roep om hom met inspeksie behulpsaam te wees. Op dié wyse kon deskundiges op sekere vakgebiede ingespan word om leiding in skole te verskaf. Die hoof=inspekteur sou aan die kringinspekteur hulp ver=leen met die keuse van 'n paneel vir inspeksie.[63)]

---

63) Verslag van die Provinsiale Onderwys=kommissie, 1937, par. 68.

Behalwe om waardevolle hulp aan die Direkteur van Onderwys te verleen, sou die hoofinspekteur ook die skakel wees tussen die verskillende in=speksiekomitees wat hulle toegelê het op doel=treffende implementering van die skoolcurricu=lum.[64]

Amptenare wat hierdie betrekking gedurende die laaste drie dekades tot 1960 beklee het, was onder andere E. Steyn,[65] W.J. Snyman[66] en J.R. Griffith.[67]

Die amp van Hoofinspekteur in die inspeksiestel=sel van Transvaal het nie ontstaan as gevolg van direkte Britse beïnvloeding nie. Dit moet slegs as 'n nadraai van die Engelse inspeksiestelsel gesien word. Toe dié pos in die Transvaalse onderwysstelsel geskep is, was die onderwys in 'n smeltkroes[68] en pogings is aangewend om daad=werklik van vreemde invloede "gesuiwer" te word.

---

64) Ibid., par. 65.
65) T.O.D.: Jaarverslag, 1949-12-31, p. 6.
66) T.O.D.: Jaarverslag, 1956-12-31, p. 1.
67) T.O.D.: Jaarverslag, 1960-12-31, p. 1.
68) COETZEE, J.C. e.a.: Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1960, p. 295.

## 3.2 Die afskaffing van eksterne eksamens

### 3.2.1 Die herkoms van die stelsel van be= vordering

#### 3.2.1.1 Sekularisering van die onderwys

Dit was veral in Engeland (maar ook in ander westerse lande) die gebruik dat die begrippe "standerds" en "inspeksie" in die onderwys hand aan hand gegaan het. Met die sekularisering (verwêreldliking) van die onderwys gedurende die 19de eeu, dit wil sê met die geleidelike oorna= me van die onderwys deur die staat, het laasge= noemde die verantwoordelikheid aanvaar om onder= wysgeriewe aan die gemeenskap te voorsien. Dit is op die volgende twee maniere gedoen:

* die staat het regstreeks die hele geldelike las van die onderwys gedra, of

* die staat het onregstreeks die finansiële las gedra deur subsidiëring van die plaas= like beheerliggame. Geen blindelingse subsidiëring het egter plaasgevind nie; dit het op 'n bepaalde wyse geskied wat onder die benaming "payment-by-results"

bekend was.[69]

Die Britse "Newcastle Education Committee" het in 1861 in dié verband gemeld dat die toelae aan skole sou afhang van die skoolbesoek, maar onder=worpe aan die uitslag van 'n individuele eksamen, deur Sy Majesteit se Inspekteurs gestel, waarin elke kind in Lees, Skryf en Rekenkunde moes slaag.[70]

Die logiese gevolg hiervan was dat leerlinge nie volgens ouderdom nie, maar volgens standerds ge=klassifiseer is. Volgens Balfour is sekere ge=spesifiseerde toetse in Lees, Skryf en Reken=kunde voorgeskryf volgens moeilikerwordende trappe.[71]

#### 3.2.1.2 Die "payment-by-results"-stelsel in die Z.A.R.

S.J. du Toit, Superintendent van Onderwys (1881-1888), het hierdie stelsel ook in die onderwys van die Z.A.R. toegepas. Om die sterk invloed van dié

---

69) VAN WYK, A.H. DU P.: Die euwels van eksamens. Onderwysblad, Julie 1954, p. 129.
70) BALFOUR, G.: The educational system of Great Britain and Ireland, p. 15.
71) Loc. cit.

Britse gebruik te illustreer, moet daar gewys word op die feit dat die Superintendent 'n be= voegde persoon mag benoem om namens hom inspek= siewerk te doen.[72)]

Die doel van S.J. du Toit se inspeksies was om onervare onderwysers behulpsaam te wees en aan hulle leidrade te gee in verband met skoolwerk, om eenvormigheid te bevorder en om inspeksie= werk te vergemaklik. Hiervoor is standerds in skole ingevoer.[73)]

Op die keper beskou, dui die instelling van standerds op 'n administratiewe doelwit en nie soseer op 'n opvoedkundige nie - alhoewel Balfour se gedagte van "moeilikerwordende trappe" en Du Toit se uitgangspunt om "onervare onderwysers 'n leidraad te gee", tog 'n opvoedkundige skyn kan hê. Van belang is die feit dat daar geen aan= duiding was van jaarlikse bevordering of van 'n noodwendige een-standerd-per-jaar-begrip nie.

### 3.2.2 Die Smuts-onderwyswet van 1907

72) Wet no. 1 van 1882, art. 14.
73) BARNARD, S.S. en COETSEE, A.G.: Onder= wys aan Blankes in Transvaal, p. 90.

In hierdie onderwyswet - die wet wat die grond=slag van die onderwys in Transvaal vanaf 1910 gevorm het - word daar voorsiening gemaak "... vir die leiding van al sodanige eksamens wat afgeneem word onder die toesig of die kontrole van die Departement ..."[74] Die wet het ook be=paal dat leerlinge skoolpligtig sou wees tot die vyftiende jaar of tot voltooiing van die vyfde standerd,[75] terwyl daar ook in paragraaf 19 voorsiening gemaak word vir "... verhoging van die standerd van vrystelling bo st. V".[76]

### 3.2.3 Eksterne eksamens, 1910-1927

Vanaf 1910 was die st. VI-eksamen die verpligte Departementele eksamen wat in die volgende vakke afgelê moes word: Engels, Hollands, Rekenkunde en Hoofrekene, Algebra en Meetkunde, Natuurkennis, Geskiedenis en Aardrykskunde. Om te slaag moes 'n kandidaat 40% gemiddeld in alle vakke behaal.[77] Slegs inspekteurs van onderwys het die eksamens

---

74) Wet No. 25 van 1907, art. 5, (d).
75) Ibid., par. 19, (3).
76) Ibid., p. 19, (4)(b).
77) VAN DYK, G.H.: Die st. VI-eksamen in Transvaal, pp, 5-6.

afgeneem.[78] Hierdie eksamenstelsel (hoofdelike eksamens) was so vasgegroei in die openbare mening by ouers en selfs by die ouer inspekteurs dat eksterne eksaminering as vanselfsprekend aan= vaar is. As 'n opgeleide, goedgeleerde man 'n kind bevorder het, was die ouer hoogs tevrede in die wete dat sy kind die vereiste standaard, objektief gemeet, behaal het. Ouers was bewus van baie onderwysers se swak kwalifikasies en daarom sou die werk moeilik aan sulke persone toevertrou kon word.[79]

Die Direkteur van Onderwys het in sy jaarverslag van 1912 gewag gemaak van 'n nuwigheid wat ten opsigte van die Laerskoolsertifikaateksamen in= getree het en wat "... valt te vermelden". 'n Kommissie van inspekteurs is deur die T.O.D. be= noem wat moes toesien dat eksamenvraestelle op= gestel en voor 'n inspekteurskonferensie ter tafel gelê word. Alle inspeksies moes teen die einde van November afgehandel wees, want gedurende Desember van elke jaar moes die inspekteurs die "papieren" nasien. Hierdie prosedure het die inspekteurs natuurlik in staat gestel om die

---

78) T.O.D.: Jaarverslag, 1910-06-30, p. 33.
79) VAN DER WALT, op. cit., p. 78.

standaard van die verskillende skole oor die hele Transvaal te vergelyk.[80]

Die afskaffing van skoolgelde vir middelbare onderwys gedurende 1914 het 'n groot toeloop na dié skole veroorsaak. Direkteur Adamson het leerlinge terselfdertyd aangemoedig om die sekon= dêre skool te besoek. Hy het dan ook in dieself= de jaar aangekondig dat die eksamen vir die Laer= skoolsertifikaat as 'n toelatingseksamen tot die middelbare skool bekend sou staan. Akkommodasie in sekondêre skole het baie beperk geword. Die eksamenuitslae het die Onderwysdepartement in staat gestel om leerlinge wat verder wou studeer, volgens meriete te keur.[81] 'n Besondere voor= deel van die st. VI-eksamen was daarin geleë dat inspekteurs die primêre skoolwerk kon konsolideer en uitspraak oor die standaard kon lewer.[82]

### 3.2.4 Toenemende druk op die T.O.D. om eksterne eksamens af te skaf

Vanaf 1910 is daar in toenemende mate aangedring op die afskaffing van die st. VI-eksamen. 'n

---

80) T.O.D.: Jaarverslag, 1912-12-31, p. 33.
81) T.O.D.: Jaarverslag, 1914-12-31, p. 20.
82) Ibid., p. 40.

Eksamenkommissie van die T.O.D. het in 1917 die eksamen as blote afrigting en dril bestempel,[83] terwyl Inspekteurs J.P. Botha[84] en J.D. Kerrich[85] 'n beter gesistematiseerde bevorderingstelsel bepleit het. Die eksamenprosedure is in 1920 gewysig deur die eksamen op die opeenvolgende dae in plaas van twee te laat aflê.[86] Vanaf 1923 is oorleg met skoolhoofde gepleeg en die kind se jaarwerk is in berekening gebring by be= vordering.[87] Aangesien groot dorpskole op die Rand, Potchefstroom en in Pretoria st. VI-leer= linge reeds vanaf 1922 gehuisves het, is geen st. VI-eksamen by dié skole afgelê nie, maar slegs 'n toelatingseksamen aan die einde van st. V.[88] Hierdie verskynsel is deur Inspekteur P.M. van der Lingen uitgelig om die aandag van die T.O.D. nogeens op die oorbodigheid van die st. VI-eksamen te vestig.[89]

### 3.2.5 Die kentering

Teen die jaar 1923 was besware teen die behoud

83) T.O.D.: Jaarverslag, 1917,12-31, p. 190.
84) T.O.D.: Jaarverslag, 1919,12-31, p. 99.
85) Ibid., p. 114.
86) T.O.D.: Jaarverslag, 1920-12-31, p. 17.
87) T.O.D.: Jaarverslag, 1921-12-31, p. 32.
88) T.O.D.: Jaarverslag, 1922-12-31, p. 19.
89) T.O.D.: Jaarverslag, 1923-12-31, p. 120.

van die st. VI-eksamen nog steeds aan die toeneem en was die T.O.D. genoodsaak om daarvan kennis te neem. 'n Belangrike aankondiging is deur Direk= teur Adamson gemaak toe hy gerapporteer het dat hy in der waarheid beginselbesware teen die skryf van 'n st. VI-eksamen het. Dit het nie net die kind nie, maar ook die onderwyser benadeel; 'n mens sou nie kon verwag "... dat die kind in 'n toets aan homself reg sal laat wedervaar nie ..." en verder het eksamenuitslae onderwysers aan kritiek blootgestel. Ouers, skoolkomitees en skoolrade het onderwysers geoordeel volgens die eksamenresultate. Dit het veroorsaak dat onder= wysers van die eksamen 'n mikpunt gemaak het i.p.v. 'n middel tot verwesenliking van 'n doel - 'n verskynsel wat sy werk as opvoeder grootliks benadeel het.[90)]

3.2.6 Die T.T.A. bepleit afskaffing van eksamens

Gedurende November 1923 het die "Transvaal Teachers Association (T.T.A.)" in sy lyfblad, die Transvaal Educational News, 'n pleidooi gelewer ten behoewe van die afskaffing van die eksterne

---

90) Ibid., p. 55.

eksamen. Die volgende redes is aangevoer:[91)]

* By sommige skole is slegs leerlinge na st. VI bevorder wat st. VI sekerlik sou slaag; baie leerlinge het privaatklasse geneem met die uitsluitlike doel om die st. VI-eksamen te slaag;

* Sang en Tekene is op die primêre skool baie verwaarloos omdat daar in st. VI geen tyd daarvoor was nie;

* Die eksamen het van jaar tot jaar só ver= skil dat niemand geweet het wat die vol= gende jaar verwag kon word nie;

* Die vraestelle het te veel gewissel tussen maklik en uiters moeilik;

* Publikasie van die uitslae in koerante het jaloesie en wedywering tussen verskillende skole veroorsaak;

* Dit het dikwels gebeur dat swak leerlinge

---

91) Editorial article: The passing of the primary school certificate examination. The Transvaal education news, November 1923, pp. 4-5.

slaag en dat skrander kandidate druip.

### 3.2.7 Die stelsel van gelyktydige eksamens

Direkteur H.S. Scott het in 1924 die noodsaaklik=heid van die afskaffing van die st. VI-eksamen onderstreep. Hy het diê eksamen as oorbodig be=skou in die lig van die feit dat leerlinge reeds na sekondêre skole (Rand, Potchefstroom, Pretoria) oorgeplaas word na aflegging van die st. V-eksamen. Scott het ook daarop gewys dat die waarde van die st. VI-sertifikaat vir die verkryging van werk nie meer algemeen geldend was nie. Die algemene skoolstandaard is met verloop van tyd baie ver=hoog; gevolglik was die besit van 'n st. VI-sertifikaat nie meer so 'n groot prestasie nie.[92]

In 1925 het die T.O.D. besluit om die stelsel van eksaminering te wysig. Die eksamenvraestelle sou voortaan opgestel word deur 'n paneel bestaande uit 'n kommissie van sowel inspekteurs as onder=wysers. Opdrag is aan die "eksamenkommissie" gegee om die vrae só op te stel dat 'n leerling met gemiddelde vermoëns maklik behoort te slaag. Die vraestelle is dan deur die Onderwysdeparte=ment in spesiaal verseëlde koeverte na die ver=

---

92) T.O.D.: Jaarverslag, 1924-12-31, p. 17.

skillende skole gestuur, en is oopgemaak in teen= woordigheid van die kandidate onder toesig van 'n ooggetuie. Die leerlinge moes die skriftelike eksamen onder toesig van 'n verantwoordelike persoon skryf.[93] Op hierdie wyse kon alle kan= didate dwarsoor die provinsie Transvaal gelyk= tydig die betrokke eksamen aflê - 'n instelling wat sekerlik baie probleme uitgeskakel het, want inspekteur W.A. Visser het in dié verband ge= rapporteer dat sowel onderwysers as die publiek die nuwe stelsel verwelkom het.[94] Met die af= skaffing van hoofdelike inspekteurs in 1927 was die eksamens nog net gedeeltelik ekstern, maar die aanduidings was reeds daar dat finale afskaf= fing sou moes kom.

### 3.2.8 Britse beïnvloeding met betrekking tot die afskaffing van eksamens

Die verwikkelinge met betrekking tot die afskaf= fing van eksterne eksamens in die Transvaalse skole moet gesien word teen die agtergrond van soortgelyke verskynsels in Engeland gedurende die vorige eeu. Die besware wat daar teen die

---

93) VAN DER WALT, op. cit., p. 192.
94) T.O.D.: Jaarverslag, 1925-12-31, p. 157.

bestaan van eksterne eksamens ingebring is, het in hooftrekke ook in Transvaal gegeld aangesien dieselfde onderwysstelsel - die Britse - in Transvaalse skole gevolg is.

Volgens Leese het die rangskikking van leerlinge in Britse skole volgens verdienste deur die klas=onderwyser en die skoolhoof baie duidelik gevolg op die tradisionele Engelse stelsel van "payment-by-results". In 1894 is in 'n paar dorpskole in die Londense distrik en 'n paar plattelandse skole in die graafskap Berkshire 'n nuwe proef=neming - interklaskamerinspeksie - uitgevoer. Die uitslag was so rooskleurig "... that the Education Department decided to extend the inter=nal class promotion to all standards of the elementary School..."[95)]

Die stelsel van "gelyktydige eksamens" in Trans=vaal moet as 'n afskynsel van die "Londen-Berkshire-proefneming" gesien word. Die tevredenheid van die Britse onderwysinstansies met die interklaskamer=inspeksie moes die plaaslike voorstanders vir eksamenafskaffing gemotiveer het in die soektog na

---

95) LEESE, J.: Personalities and power in English education, p. 150.

'n doeltreffender eksamenstelsel. Gelyktydige eksamens was 'n "logiese" stelsel om in die plek van die suiwer eksterne eksamen te plaas.

Van der Walt beweer dat besware teen eksterne eksamens in die primêre skool deur die Londense "Country Council" ook in 1917 in 'n pamflet ver= skyn het. Hierdie raad het die eksamendril wat uit eksterne eksamens voortgevloei het, asook die ontwrigting wat dit in die skoolstelsel veroor= saak het, veroordeel. Daar is vermeld "That the objectives that have been urged against examina= tions are valid against external examinations only; and even then only when the examinations are allowed to invert the natural order of things by determining the course of study instead of being determined by it. Against internal exami= nations the objectives lose all the force ..."[96] Die invloed van hierdie besware op die Transvaal= se primêre eksamenstelsel - juis op 'n tydstip toe die eksterne eksamenstelsel sterk onder die vergrootglas gekom het - kon nie oorboord ge= gooi word nie. Die groot euwel van eksterne ek= samens was (net soos in Engeland) die eksamendril en -afrigting wat alle skoolwerksaamhede oorheers

---

96) The school world, April 1917, p. 130. In VAN DER WALT, op. cit., p. 194.

het. Die middel het die doel geword en nie 'n onderwysmetode om 'n doelstelling te bereik nie. Hierdie stellings staan duidelik onder Britse invloed - veral as daaraan gedink word dat dit dieselfde aspek in dieselfde soort (primêre) skole behels het.

### 3.2.9 Eksterne eksamens 1926-1937

Die T.O.D. het in 1926 bepaal dat alle primêre skoolleerlinge na aflegging van sowel die st. VI-eksamen as die hoërskooltoelatingseksamen na st. V die sekondêre skool kon besoek.[97] Daar was dus eintlik twee toelatingseksamens. Dis begryp=lik dat dit 'n onhoudbare toestand was; gevolglik is die st. V-eksamen in 1933 afgeskaf en het slegs die st. VI-eksamen as 'n toelatingseksamen oor=gebly.[98] Hierdie eksamen is aan die einde van 1934 afgeskaf [99] omdat die leerpligwet van 1933 verpligte onderwys tot st. VIII verhoog het.[100] Hiermee het die eksterne eksamenstelsel in die Transvaalse primêre skole nie verdwyn nie, want

97) T.O.D.: Omsendbrief no. 17, 19 Oktober 1926, p. 16.
98) T.O.D.: Jaarverslag, 1933-12-31, p. 57.
99) T.O.D.: Jaarverslag, 1935,12-31, p. 223.
100) Wet no. 17, 1933.

vanaf 1 Januarie 1935 is die sogenaamde "Beurs=eksamen" in die primêre skole ingevoer - 'n ek=samen wat bedoel was om belowende leerlinge van behoeftige ouers uit te kies vir die toekenning van losies- en/of vervoerbeurse na skole wat verder as st. VI gegaan het.[101] Die vraestelle vir die Beurseksamen is opgestel en gemodereer deur 'n komitee bestaande uit verteenwoordigers van die inspektoraat en die verskillende onder=wysersverenigings. Eksamen is in die volgende vier vakke afgelê: Engels/Afrikaans (hoër graad), Afrikaans/Engels (laer graad), Rekenkunde en Algemene Kennis.

Antwoorde is deur 'n komitee van onderwysers van elke inspeksiekring onder die voorsitterskap van die kringinspekteur gekontroleer.[102]

Verspreiding van kandidate wat die Beurseksamen in 1935 geslaag het:[103]

---

101) T.O.D.: Jaarverslag, 1935-12-31, p. 223.
102) Ibid., p. 201.
103) Ibid., p. 224.

| Skoolraad | Getal kandidate | Getal kandidate wat 60% en meer van die maksimumpunte behaal het | Persentasie bo 60% |
|---|---|---|---|
| Barberton .............. | 111 | 30 | 27,0 |
| Bethal ................. | 51 | 28 | 54,9 |
| Bloemhof ............... | 96 | 33 | 34,3 |
| Carolina/Belfast ....... | 67 | 19 | 28,3 |
| Ermelo ................. | 66 | 37 | 56,0 |
| Heidelberg ............. | 49 | 10 | 20,4 |
| Klerksdorp ............. | 55 | 29 | 52,7 |
| Lichtenburg ............ | 173 | 80 | 46,2 |
| Lydenburg .............. | 88 | 77 | 87,5 |
| Marico ................. | 100 | 43 | 43,0 |
| Middelburg ............. | 68 | 45 | 66,1 |
| Pietersburg ............ | 111 | 25 | 22,5 |
| Piet Retief ............ | 22 | 8 | 36,3 |
| Potchefstroom .......... | 105 | 45 | 42,8 |
| Potgietersrus .......... | 71 | 16 | 22,5 |
| Pretoria Stad en Distrik | 375 | 187 | 49,8 |
| Rustenburg ............. | 93 | 37 | 39,7 |
| Schweizer-Reneke ....... | 83 | 30 | 36,1 |
| Standerton ............. | 79 | 27 | 34,1 |
| Ventersdorp ............ | 62 | 26 | 41,9 |
| Vereeniging ............ | 62 | 23 | 37,0 |
| Wakkerstroom ........... | 49 | 10 | 20,4 |
| Waterberg .............. | 111 | 46 | 41,4 |
| Witbank ................ | 57 | 31 | 54,3 |
| Witwatersberg .......... | 43 | 19 | 44,1 |
| Witwatersrand-Sentraal.. | 650 | 259 | 39,8 |
| Witwatersrand-Oos ...... | 171 | 93 | 54,3 |
| Witwatersrand-Wes ...... | 7 | 6 | 85,7 |
| Wolmaransstad .......... | 78 | 26 | 33,3 |
| Zoutpansberg ........... | 136 | 44 | 32,3 |
| Zwartruggens ........... | 129 | 60 | 46,5 |
| TOTALE .......... | 3 418 | 1 449 | 42,4 |

Tabel 3.1

Alhoewel die Beurseksamen geen verpligte eksamen was nie, toon die 3 418 kandidate wat geslaag het, dat dit 'n "populêre" eksamen moes gewees het. Dit kon aan die leerling ook 'n goeie aan=duiding verskaf van sy st. VI-standaard. Die groot getal kandidate wat die eksamen afgelê het, dui ook daarop dat primêre skoolleerlinge aange=moedig was om die eksamen te skryf. Verdienste=likheid was nog steeds die oogmerk, met die ge=volg dat die eksamenvrees eintlik nie uitgeskakel kon gewees het nie. Die blote feit dat daar nog steeds in die primêre skool 'n eksterne eksamen bestaan het, was voldoende om die probleme wat daaraan verbonde was, te onderstreep en weten=skaplik te ondersoek. Hierdie ondersoek het uit=eindelik gelei tot die finale afskaffing van die Beurseksamen in 1941.

### 3.2.10 Die bevindinge van die Transvaalse Provinsiale Onderwyskommissie (Nicol-kommissie)

Die Nicol-kommissie van 1937 het verklaar dat hy die kwessie van eksterne eksamens in die primêre skool bestudeer het. In dié verband het die Kommissie aanbeveel dat die laerskoolkursus aan die einde van st. V beëindig word, net soos in die geval van ouer lande soos Holland, Duitsland

en Amerika.[104]

Die Kommissie het voorts daarop gewys dat primêre skoolleerlinge in dié lande op 12-jarige ouder= dom oorgeplaas word na die sekondêre skool. Die lande se laerskoolkursus eindig dus in oor= eenstemming met die Transvaalse st. V-kursus.[105] 'n Duidelike oorsese invloed in dié verband is die Nicol-kommissie se aanvaarding van die Britse "Hadow Report" van 1926[106] se beskouing oor hierdie aangeleentheid: "Daar begin 'n ontwaking by die jeug op die ouderdom van 11 of 12. Dit word die puberteit genoem. As die neigings wat by hierdie ontwaking ontstaan in die regte rig= ting gestuur word, kan dit lei tot die geluk en welvaart van die kind. Ons doen derhalwe aan die hand dat alle kinders op die ouderdomme van 11 of 12 van die junior of laer skool na die middel= bare skool verwyder word of na senior en afsonder=

---

104) Verslag van die Transvaalse Provinsiale On= derwyskommissie, 1937, par. 257(b).
105) Loc. cit.
106) Die "Hadow Report" is 'n Britse onderwysver= slag, gepubliseer deur die "Board of Educa= tion" oor sake rakende 'n nasionale onder= wysstelsel. Vgl. CRAMER, J.F. en BROWNE, G.S.: Contemporary education, p. 65.

like afdelings van bestaande elementêre skole."[107] In die lig hiervan het die Kommissie aanbeveel dat die laerskoolkursus beslis geen afrondingskursus moes wees nie, maar inderdaad 'n voorbereidings= kursus vir 'n hoërskoolloopbaan.[108] Dit is duidelik dat laasgenoemde stelsel 'n eksterne eksamen in die primêre skool oorbodig sou maak.

### 3.2.11 Beïnvloeding deur die "New Education Fellowship" (N.E.F.)

Gedurende 1934 is daar in Johannesburg 'n onder= wyskonferensie gehou onder die vaandel van die "N.E.F." - 'n internasionale onderwysorganisasie wat hom met onderwysaangeleenthede oor die hele wêreld bemoei het. Die program van die konferen= sie het referate rakende die afskaffing van ek= sterne eksamens ingesluit. Die referente hier was almal oorsese opvoedkundiges.[109]

Die Nicol-kommissie het hierdie publikasies ge= raadpleeg en "baie waardevol" gevind in sy uit=

---

107) Verslag van die Transvaalse Provinsiale Onderwyskommissie, 1937, par. 257(a).
108) Ibid., par. 260.
109) MALHERBE, E.G. e.a.: Educational adapta= tions in a changing society, pp. 237-49.

spraak met betrekking tot die afskaffing van eksterne eksamens.[110] Veral die lesing van W. Boyd, hoof van die "Education Department" van die universiteit van Glasgow,[111] het groot invloed op die aanbevelings van die Kommissie uitgeoefen aangesien die gedagtes wat deur Boyd uitgespreek is, duidelik in die sienswyses van die Nicol-kommissie weerspieël word.

Boyd was die mening toegedaan dat eksterne eksa= mens 'n hoogs ondoeltreffende stelsel in die moderne 20ste eeuse onderwys is, omdat dit geen= sins die hele kind doeltreffend kan evalueer nie. "To my mind to get anything like an exact measure= ment in human quality is absurd". Eksterne ek= samens demoraliseer die kind want "... the evil of the present system of examination is that it tests knowledge by externals. The things which you can measure are external, mechanical things, and the things which you cannot measure are the things of the soul".[112] Die oorbeklemtoning van

---

110) Verslag van die Transvaalse Provinsiale Onderwyskommissie, 1937, par. 696.
111) MALHERBE, op. cit., p. 541.
112) BOYD, W.: Examinations and the new educa= tion. (In MALHERBE, E.G. a.o.: Educational adaptations in a changing society, p. 238).

die uiterlike dinge veroorsaak dat "... initia= tive is entirely paralysed".[113]

Boyd het voorts beweer dat die eksterne eksamen= stelsel 'n kunsmatige, onwerklike stelsel is; dit benadeel die "... human relationships between teacher and pupil ..." want die leerling word deurgaans gedryf "... by thrashing them and getting high marks ... and to obtain results". Die onderwys sal geen eerbare professie word nie "... until we cast the evil thing (external examination) out of our schools" en dit vervang met "... sensible tests ..." wat in die skool deur sy eie personeel opgestel en aangebied word.[114] Boyd het dit duidelik gestel dat "External tests will disappear with better educa= tion and better training" van onderwysers.[115]

### 3.2.12 Die aanbevelings van die Transvaalse Provinsiale Onderwyskommissie

Na sorgvuldige bestudering van die betrokke bronne oor die afskaffing van eksterne eksamens in die primêre skool, het die Nicol-kommissie in

---

113) Ibid., p. 239.
114) Ibid., p. 240.
115) Ibid., p. 243.

1937 aangevoer dat stappe "... nodig is om ons stelsel in ooreenstemming te bring met moderne ontwikkelings" op onderwysgebied.[116)] Die T.O.D. het reeds in daardie "rigting beweeg",[117)] naam= lik om eksterne eksamens met interne eksamens in die Transvaalse primêre skole te vervang - 'n stelsel wat slegs kon slaag indien onderwysers daarvoor toegerus sou wees.[118)] Die Kommissie het voorts op die leemtes van eksterne eksamens gewys deur te beklemtoon dat die bekwaamheid, prestasie en begaafdheid van leerlinge nie be= vredigend getoets kan word nie. Die verkryging van goeie resultate word oorbeklemtoon ten koste van karakter, persoonlikheid en die skeppings= vermoë van die kind. Hierdie belangrike persoon= likheidseienskappe van die skoolkind kan in elk geval nie deur eksterne eksaminering bepaal word nie.[119)] Daar het dus net een uitweg oorgebly en dit was om eksterne eksamens af te skaf wanneer 'n leerling van primêre tot middelbare skole be= vorder word.[120)]

---

116) Verslag van die Transvaalse Provinsiale Onderwyskommissie, 1937, par. 698.
117) Ibid., par. 724,(3).
118) Ibid., par. 724,(4).
119) Ibid., par. 699.
120) Ibid., par. 708.

### 3.2.13 Finale afskaffing van die eksterne eksamen

Die T.O.D. het nie onmiddellik op die aanbevelings van die Nicol-kommissie gereageer nie; in 1940 is die eksamen nog in 154 sentrums gehou.

Suksesvolle eksamenkandidate in die verskillende skoolraadsdistrikte in 1940.[121)]

Tabel 3.2 dui aan dat 1 066 minder kandidate die eksamen geslaag het as in 1935, ongeag die groot toename in st. VI-leerlinge in die primêre skole. Die oorsaak moet toegeskryf word aan die feit dat leerlinge wat nie die Beurseksamen wou aflê nie, verpligte interne oor=plasingstoetse moes skryf waarvolgens bevorderings met finale bekragtiging van die plaaslike in=spekteur gemaak is.[122)] Gevolglik het die Beurs=eksamen nutteloos geword, wat dan ook aanleiding gegee het tot die finale afskaffing daarvan in 1941.[123)]

Die aanbevelings van die Transvaalse Provinsiale Onderwyskommissie van 1937 het na vyf jaar tot

---

121) T.O.D.: Jaarverslag 1940-12-31, p. 101.
122) T.O.D.: Jaarverslag, 1935-12-31, pp. 111-2.
123) T.O.D.: Jaarverslag, 1941-12-31, p. 22.

| Skoolraad | Getal kandidate | Getal kandidate wat 60% en meer van die maksimumpunte behaal het | Prestasie bo 60% |
|---|---|---|---|
| Barberton .............. | 49 | 22 | 44,9 |
| Bethal ................. | 61 | 21 | 34,4 |
| Bloemhof ............... | 36 | 21 | 58,3 |
| Carolina/Belfast ....... | 36 | 11 | 30,5 |
| Ermelo ................. | 44 | 15 | 34,0 |
| Heidelberg ............. | 29 | 12 | 41,3 |
| Klerksdorp ............. | 15 | 12 | 80,0 |
| Lichtenburg ............ | 178 | 29 | 16,3 |
| Lydenburg .............. | 56 | 36 | 64,2 |
| Marico ................. | 92 | 54 | 58,7 |
| Middelburg ............. | 75 | 38 | 50,6 |
| Pietersburg ............ | 59 | 17 | 28,8 |
| Piet Retief ............ | 7 | — | — |
| Potchefstroom .......... | 19 | 10 | 52,6 |
| Potgietersrus .......... | 55 | 23 | 41,8 |
| Pretoria-Distrik ....... | 239 | 55 | 23,0 |
| Pretoria-Stad .......... | 79 | 21 | 26,3 |
| Rustenburg ............. | 153 | 47 | 30,7 |
| Schweizer Reneke ....... | 124 | 45 | 36,3 |
| Standerton ............. | 45 | 28 | 62,2 |
| Ventersdorp ............ | 29 | 11 | 37,9 |
| Vereeniging ............ | 41 | 16 | 39,0 |
| Wakkerstroom ........... | 27 | 7 | 25,9 |
| Waterberg .............. | 133 | 51 | 38,3 |
| Witbank ................ | 17 | 11 | 64,7 |
| Witwatersberg .......... | 34 | 21 | 61,8 |
| Witwatersrand-Sentraal.. | 273 | 176 | 64,5 |
| Witwatersrand-Oos ...... | 74 | 48 | 64,9 |
| Witwatersrand-Wes ...... | 25 | 10 | 40,0 |
| Wolmaransstad .......... | 89 | 53 | 59,6 |
| Zoutpansberg ........... | 96 | 27 | 28,1 |
| Zwartruggens ........... | 63 | 23 | 36,5 |
| TOTALE ......... | 2 352 | 971 | 41,3 |

Tabel 3.2

volle ontplooiing gekom; st. VI het 'n gewone interne eksamen geword en die st. VIII-eksamen die wetlike skooleindsertifikaat.[124] So het die genoemde invloede die afskaffing van eksterne eksamens bewerkstellig.

## 3.3 Kumulatiewe verslagkaarte

### 3.3.1 Die ontstaan van kumulatiewe verslagkaarte

Kandel beweer dat daar gedurende die laaste kwart van die 19de eeu in Europa en Amerika (V.S.A.) baie aandag aan onderwysvoorregte vir die indi= widu bestee is. Opvoedkundiges in die V.S.A. het die voortou geneem op soek na "... the right education for the right pupil under the right teacher".[125]

Die beklemtoning van indiwiduele verskille in die onderwys het aanleiding gegee tot die ontwerp van wetenskaplik aanvaarbare toetse om die in= tellektuele vermoëns van leerlinge so goed moont= lik te evalueer. Opvoedkundiges het besef

---

124) T.O.D.: Jaarverslag, 1935-12-31, p. 16.
125) KANDEL, I.L.: Examinations and their substitutes in the United States, p. 19.

dat die kind nie net verstandelik nie, maar ook geestelik opgevoed moet word. Om dit te bewerk=stellig was dit noodsaaklik dat onderwysers alles van leerlinge te wete moes kom - binne sowel as buite die skool. Daar moes gegewens oor leer=linge beskikbaar wees - 'n rekord wat sowel die kind se skolastiese vermoëns as sy persoonlik=heidseienskappe aangetoon het. "The result has been the development of cumulative record cards of such a type as to facilitate educational quidance". Kandel beweer verder dat opvoedkundiges in die V.S.A. die ander westerse lande 25 jaar vóór was op die gebied van die versameling van kumulatiewe gegewens.[126) Daar kan derhalwe aanvaar word dat die kumulatiewe verslagkaart sy oorsprong in die V.S.A. het.

Warters, professor in Opvoedkunde aan die uni=versiteit van Suid-Kalifornië, beweer dat die "American Council of Education Committee" in 1927 'n sogenaamde "4-vouer"-kaart[127) voorberei het. Hierdie kaart het gegewens bevat wat die hele skoolloopbaan van 'n leerling oorspan het, naam=lik, "... from kindergarten through college".[128)

---

126) Ibid., p. 20.
127) WARTERS, J.: Techniques of counseling, p.245.
128) Ibid., p. 258.

Die voorkoms van hierdie kaart het van skool tot skool verskil, aangesien skole toegelaat was om veranderings en wysigings aan te bring om by plaaslike omstandighede aan te pas.[129)]

3.3.2 <u>Die doel van kumulatiewe verslagkaarte</u>

R. Strang, professor in Opvoedkunde aan die uni= versiteit van Columbia, beweer dat die versame= ling van kumulatiewe gegewens 'n praktiese, sig= bare manier is wat 'n skool aanwend om 'n leer= ling beter te verstaan.[130)] Sekere noodsaaklike inligting van vertroulike aard oor 'n leerling behoort nie openbaar gemaak te word nie, soos by= voorbeeld sekere eienskappe van sy karakter.[131)]

Warters sluit haar by Strang aan as sy beweer dat die gegewens op die kumulatiewe verslagkaart van so 'n aard behoort te wees dat die onderwyser 'n geheelbeeld van die leerling kan vorm.[132)] Alle

---

129) MEYERS, G.E.: Principles and techniques of vocational guidance, p. 242.
130) STRANG, R.: Counseling techniques in college and secondary school, p. 180.
131) Ibid., p. 192.
132) WARTERS, op. cit., pp. 260-1.

belanghebbendes by 'n skool moet toegelaat word om die kumulatiewe gegewens te raadpleeg "... so they should be placed where all may use them easily".[133)]

John M. Brewer, departementshoof van Sielkunde en Opvoedkunde aan die normaalskool van Los Angeles in 1926, het kumulatiewe kaarte omskryf as "... the school records of pupils ... upon which effective quidance can be tentatively based". Die gegewens is van kardinale belang in verband met beroepskundige voorligting; dit stel die sielkundige of beroepskundige in staat om waardevolle raad in dié verband te verskaf.[134)]

Ander opvoedkundiges in die V.S.A. soos Allen,[135)] Willey,[136)] Campbell[137] en Myers[138)] was dit met mekaar eens dat skolastiese prestasies en inlig=

---

133) BREWER, J.M.: The vocational guidance move= ment it's problems and possibilities, p. 161.
134) Ibid., p. 239.
135) ALLEN, R.D.: Organization and supervision of guidance in puplic education, pp. 33-5.
136) WILLEY, R.D.: Guidance in elementary educa= tion, p. 734.
137) CAMPBELL, M.E.: Vocational guidance - report of subcommittee on vocational guidance, p. 6.
138) MYERS, G.E.: Principles and techniques of vocational guidance, pp. 239-42.

ting rakende die persoonlikheid van 'n leerling noodsaaklik was by die keuse van 'n beroep of be= paling van 'n studiebeurs nå die primêre skool.

### 3.3.3 Kumulatiewe kaarte as interskoolse doku= mente

Wanneer leerlinge van skole verwissel, word die kumulatiewe gegewens ook aan die nuwe skool be= sorg. Dit was die algemene gebruik dat "... the sending school should keep a record that shows to whom the records were sent and when ...". Die proses is afgehandel wanneer "... a summary of the important material in records, instead of the records themselves, should be sent to the state employment service, prespective employers, or others who request and need such data for helping the former student or for working success= fully with him.[139]

### 3.3.4 Die "American council cumulative record form"

Die sg. "4-vouer"-kumulatiewe verslagkaart wat deur die "American Council of Education" in 1927

---

139) WARTERS, op. cit., p. 258.

saamgestel is, was die basis waarop hierdie kaarte in die verskillende primêre skole van die V.S.A. saamgestel is. Die onderstaande voor=beeld van 'n "4-vouer" is byvoorbeeld gebruik in die skole van die staat New Jersey vir junior (en senior) skole in Montclair. Die kaarte is op albei kante op karton gedruk en is een keer gevou om die "4-vouer" te vorm. Wat die kumu=latiewe gegewens vir die primêre skool betref, is op die kaart voorsiening gemaak vir die naam van die leerling, godsdiens, geboortedatum, geslag, kleur, skolastiese prestasies, foto, gedrag, skole voorheen besoek, redes vir vertrek van skole, aantal dae afwesig, mediese en huis=like gegewens.[140)]

Hierdie kumulatiewe verslagkaart (Tabel 3.3) toon hoe ver gevorderd die V.S.A. reeds in 1927 op die gebied was, asook die baie gegewens wat van 'n enkele leerling verskaf moes word.

### 3.3.5 Kumulatiewe data in die Transvaalse primêre skole

Gedurende die tydperk 1910-1924 is daar in die

---

140) MEYERS, op. cit., p. 242.

3.58* Page 1

| Last Name | First | Middle | Date of Birth | Place of Birth | Race | Sex | Phone (in pencil) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Dee | John | | Jan. 29, 1930 | Newark, N.J. | (W) N | (M) F | (10) |

ADDRESS - JR. and SR. H. S.

50 Jones Road
225 Stevens Blvd.

| Date Entered | Grade(s) | SCHOOLS ATTENDED Kg. - 12 Name of School |
|---|---|---|
| 9/8/44 | 10 | M.H.S. |

LEFT SCHOOL SYSTEM — Date, Age, Reason: Graduated June 29, 1947

SUMMARY OF ELEMENTARY SCHOOL EXPERIENCE

Entered Gr. 1 at age 6, Spent 6 years in Elem. School.

Quality of academic work as he leaves? Excellent student. Works best alone. Sets special tasks for himself.

Strength Efficient reading Weakness Impatient, sarcastic

Kind of school citizen as he leaves? Excellent. Outstanding student.

Other information that would help school plan for his best development? Special aptitude in Social Studies, Mathematics, and Athletics.

Principal's Signature

| | Days Absent | Times Tardy |
|---|---|---|
| Gr. *1 | 6 | 0 |
| Gr. 2 | 9 | 0 |
| Gr. 3 | 2 | 1 |
| Gr. 4 | 0 | 0 |
| Gr. 5 | 1 | 0 |
| Gr. 6 | 9 | 0 |

*Indicate section: 6^3 is second of three sections. An, mixed.

| Year | 1941-1942 | | | 1942-1943 | | | 1943-1944 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Grade & Age | Grade 7 Age | | | Grade 8 Age | | | Grade 9 Age | | | |
| Counselor | Howard | | | Thomas | | | R. Jones | | | |
| School | Washington | | | Washington | | | Washington | | | |
| Attendance | Absent 1 Tardy 0 | | | Absent 9 Tardy 0 | | | Absent 3 Tardy 0 | | | |
| SUBJECTS | Course | Teacher | Mk. | Course | Teacher | Mk. | Course | Teacher | Mk. | Cr. |
| Health Ed. | 7 | Victor | A | 8 | Victor | A | 9 | Victor | A | 1 |
| Music | 7 | Marshall | C | 8 | Marshall | B | 9 | Marshall | A | - |
| Art | 7 | Duncan | A | 8 | Duncan | A | 9 | Duncan | B | - |
| Print. ~~or Cloth.~~ | 7 | Johnson | B | 8 | Johnson | B | 9 | Johnson | B | 1 |
| Shop ~~or Foods~~ | 7 | Garvin | A | 8 | Garvin | A | 9 | Garvin | A | 1 |
| English | 7 | Roberts | B | 8 | Ulrich | A | 9 | Roberts | A | 5 |
| Mathematics | 7 | Smith | A | 8 | Wood | A | 9 | Rice | A | 5 |
| Social Studies | 7 | Ernest | A | 8 | Ernest | A | 9 | Prieger | A | 5 |
| Gen'l Science | 7 | Franks | B | 8 | Franks | B | 9 | Franks | A | 2½ |
| | | | | | | | CREDITS Yearly total | | | |

| Year | 1944-1945 | | | | 1945-1946 | | | | 1946-1947 | | | | 19..-19.. | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Grade & Age | Grade 10 Age | | | | Grade 11 Age | | | | Grade 12 Age | | | | Grade Age | | | |
| Counselor | J. Jones | | | | Smith | | | | Wise | | | | | | | |
| School | M.H.S. | | | | M.H.S. | | | | M.H.S. | | | | | | | |
| Attendance | Absent 13 Tardy 0 | | | | Absent 4.1 Tardy 0 | | | | Absent 14 Tardy 2 | | | | Absent Tardy | | | |
| SUBJECTS | Course | Teacher | Mk. | Cr. | Course | Teacher | Mk. | Cr. | Course | Teacher | Mk. | Cr. | Course | Teacher | Mk. | Cr. |
| Health Ed. | 10 | Smith | A | 1 | 11 | Smith | A | 1 | 12 | Smith | A | 1 | | | | |
| English | 10 | Jones | B | 5 | 11 | Jones | A | 5 | 12 | Jones | B | 5 | | | | |
| Mech. Dr. | | White | B | 1 | | | | | | | | | | | | |
| Math | 10 | Brown | A | 5 | 11 | White | A | 5 | 12 | White | A | 2 | | | | |
| History | 10 | Myers | A | 5 | 11 | Myers | A | 5 | 12 | Browne | A | 5 | | | | |
| French | 5 | Meeve | B | 5 | | | | | | | | | | | | |
| Physics | | | | | 12 | Rollins | A | 5 | | | | | | | | |
| Solid Geom. | | | | | | | | | | Jackson | A | 2½ | | | | |
| Trig. | | | | | | | | | | Brown | A | 2½ | | | | |
| Chem. | | | | | | | | | 11 | Black | A | 5 | | | | |
| | CREDITS Yearly total 44 | | | | CREDITS Yearly total 65 | | | | CREDITS Yearly total 23 | | | | CREDITS Yearly total | | | |

Die "4-vouer"kumulatiewe verslagkaart van Montclair.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **NOTES ON SUBJECT ACHIEVEMENT**<br>Date & initial each entry | Excellent. Special interest in the field of social studies. | Showed special aptitudes in history and math.<br>J. W. M. | Special aptitudes in social studies and math. Won award. Outstanding student.<br>M. J. W. |
| **HEALTH**<br>Hearing<br>Vision<br>Vision with glasses<br>Gen'l Health<br>Significant information | R 20/20 L 20/20<br>—<br>Excellent<br>Nurse R. F. T. | R 20/20 L 20/20<br>—<br>Excellent<br>Nurse R. F. T. | R 20/20 L 20/20<br>—<br>Excellent<br>Nurse R. F. T. |
| **INTERESTS and ABILITIES**<br>In School | Decided interest in all extra-curricular activities. | Grades 7-8-9<br>Leader in student govt. Vice-president in 9th grade. Held class offices each year. | |
| After School | Outstanding abilities in all sports, particularly football and track | | |
| Summer | Leader in town health campaigns and play activities. | | |
| **WORK EXPERIENCES**<br>Type, duration, hours per week, earnings, etc. | Health campaigns. Assistant to director 30 hrs. per wk.<br>Volunteer | Summer play activities. Assistant director 15 hrs. per wk.<br>Volunteer | Play activities. Assistant director 30 hrs. per wk. Evening work in restaurant $20 per wk. |
| **FINANCIAL AID** | | | |
| **EDUCATIONAL AND OCCUPATIONAL PLANS**<br>Suggested by: Pupil<br>Home<br>Counselor | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **NOTES ON SUBJECT ACHIEVEMENT**<br>Date & initial each entry | Of high ability in math. Has excellent emotional control and does well under stress.<br>E. S. G. | Excellent. Won essay award (U.S. History)<br>K. E. W. | 12th grade. Good student. Could have done better in Eng. if of primary concern. Not special interest in field Eng. 12.<br>E. D. G. | |
| **HEALTH**<br>Hearing<br>Vision<br>Vision with glasses<br>Gen'l Health<br>Significant information | Normal<br>20/20<br>—<br>Excellent<br>Nurse | Normal<br>20/20<br>—<br>Good<br>Nurse | Normal<br>20/20<br>—<br>Excellent<br>Nurse | Nurse |
| **INTERESTS and ABILITIES**<br>In School<br>After School<br>Summer | Member track team. Soph. H.B. Letter track. Swimming Dramatics | Track team. Pole vault & low hurdles. Swimming Orchestra | School paper. Track team. Varsity football. State champs. Excellent swimmer. Y. swim. team | |
| **WORK EXPERIENCES**<br>Type, duration, hours per week, earnings, etc. | Chauffeur Sat. & Sun. | Fruit picking, seasonal | Life guard 35 hrs per wk $20 per wk. | * * * |
| **FINANCIAL AID** | | | | |
| **EDUCATIONAL AND OCCUPATIONAL PLANS**<br>Suggested by: Pupil<br>Home<br>Counselor | Merchant Marine | Engineer | Engineer | |

Photo — Photo gone — Photo

Date — Date

**GENERAL COMMENTS** (Date and initial each entry)

June 24, 1947
Finals

| Institution | RECORD SENT | Fee | Date |
|---|---|---|---|
| Merchant Marine Academy | | | Dec. '46 |
| California Tech. | | #1 pd | Feb. '47 |

| FAMILY | Last Name | First Name & Middle Initial | Country of Birth | W N | Occupation | Business Address | Education Degree & Kind | Date if Deceased | Comments Page 3 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| FATHER | Doe | James F. | U.S. | | Surgeon | | | | |
| MOTHER | Doe | Martha | U.S. | | Housewife | | | | |
| Step Parent or Guardian | | | | | | | | | Relationship |

| CHILDREN of FAMILY (including pupil) in order of age, oldest first | First Name | Sex | Birth Date |
|---|---|---|---|
| | Martha | F | Feb. '26 |
| | Helen | F | Jan. '28 |
| | James | M | Mar. '34 |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

Significant Home Conditions such as: health, broken home, language spoken, study conditions (Date & initial each entry)

Excellent in all respects.

Significant Family Attitudes such as: family unity, attitudes toward education & work, toward his school & work preferences

Excellent family unity.
Very cooperative toward all educational activities.

| BEHAVIOR DESCRIPTION | Grade: | 7 | 8 | 9 |
|---|---|---|---|---|
| INDUSTRY | | | | |
| Very industrious | | 010110 | 11011 | 110101 |
| Fairly industrious | | 1 | 0 | 10 |
| Not industrious | | | | |
| COOPERATION | | | | |
| Very cooperative | | 00111 | 10111 | 001101 |
| Fairly cooperative | | 1 | 0 | |
| Not cooperative | | | | |
| SELF-CONTROL | | | | |
| Very good self-control | | 11001 | 10011 | 11110 |
| Fair self-control | | 1 | | 0 |
| Poor self-control | | | | |
| MANNERS | | | | |
| Very well-mannered | | 01111 | 11011 | 01110 |
| Fairly well-mannered | | 01 | | 1 |
| Not well-mannered | | | | |
| Comments (Date & initial) | *Teacher Sym | Teacher Sym | Teacher Sym | Teacher Sym |

| BEHAVIOR DESCRIPTION | Grade: | 10 | 11 | 12 |
|---|---|---|---|---|
| SERIOUSNESS of PURPOSE | | | | |
| Purposeful | | 0110 | 110110 | 11011✓ |
| In some fields | | ✓1 | ✓ | 01 |
| Potential | | | | |
| Vacillating | | | | |
| Purposeless | | | | |
| INDUSTRY | | | | |
| Seeks additional work | | 1 | 1 | 1✓0 |
| Prepares assigned work | | 10✓11 | 01✓01 | ✓00111 |
| Needs occasional prodding | | ✓ | 0 | |
| Needs constant pressure | | | | |
| Seldom works even w. pressure | | | | |
| INITIATIVE | | | | |
| Actively creative | | 1 | ✓ | 1✓ |
| Self-reliant | | 001 | 0110 | 0111✓ |
| Varies with conditions | | | 0 | |
| Conforms | | 1✓ | | |
| Seldom initiates | | | | |
| INFLUENCE ON OTHERS | | | | |
| Strongly controlling | | 1 | | ✓1 |
| Contributing | | ✓011 | 10011 | 01✓ |
| Varies with conditions | | | | |
| Retiring-Coop.: Uncooperative | | 1 | | ✓ |
| Passive: Subversive | | | | |
| CONCERN FOR OTHERS | | | | |
| Deep general concern | | | 10 | 1 |
| Somewhat concerned | | ✓0110 | ✓0011 | ✓0001 |
| Self-centered | | | | |
| Indifferent | | 0 | ✓ | |
| Anti-social | | | | |
| RESPONSIBILITY | | | | |
| Assumes much responsibility | | 1 | 01 | 11 |
| Conscientious | | ✓001 | 01✓01 | ✓001 |
| Usually dependable | | 0 | 0 | |
| Somewhat dependable | | | | |
| Unreliable | | | | |
| EMOTIONAL STABILITY | | | | |
| Exceptionally stable | | 111✓ | 010 | 1110✓ |
| Well balanced | | 001 | ✓01 | 0✓ |
| Usually well balanced | | 1 | | |
| Unresponsive: Excitable | | | | |
| Apathetic: Hyperemotional | | | | |

COMMENTS
(Date & initial each entry)
****

120,

Tabel 3.3

Page 4

| PERSONAL-SOCIAL ADJUSTMENT | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Seems quite secure | | r 011 | 0 111 | 101 r |
| Usually feels secure | | 1 | 00 | 01 |
| Varies with conditions | | 1 | r | |
| Insecure, accepted; Others indiff. | | | | |
| Withdrawn; Not accepted | | | | |

**KEY FOR MARKING BEHAVIOR DESCRIPTION**

For PREPARED (usually) SUBJECTS use symbol I, Use X if subject is unprepared.

Commercial —purple pencil
English —blue pencil (light blue)
Mathematics —black pencil
Science —brown pencil
Social Studies —green pencil
Foreign Language —red pencil for first letter, F, L, G, or S

For UNPREPARED (often) SUBJECTS, use symbol O, Put vertical line through O if subject is prepared.

Fine Arts —blue pencil (light blue)
Industrial Arts —brown pencil
Household Arts —green pencil
Dramatics —purple pencil
Health Education —black pencil
Music —red pencil
Counselor or Home Room —orange pencil

If these arrangements lead to same symbol for two classes, use some distinctive symbol for second class in same color.
*Enter both last name of teacher and symbol used in pencil of appropriate color as indicated in Key just above.

| Teacher Sym. | Teacher Sym. | Teacher Sym. | Teacher Sym. |
|---|---|---|---|
| ***** | | | |

**APTITUDE TESTS**

| Date | Test | TU | Form | GR. | C.A. | M.A. | ‖IQ Group | ‖Percentile |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | |

Better Than—%: (Percentiles): 2, 7, 16, 31, 50, 69, 84, 93, 98

| Date | Gr. | Test | | Percentile |
|---|---|---|---|---|
| 1-45 | 10 | Test 14-11 C.A. and Town Group | 10 | 6 |
| | | | N | 64 |
| | | Chicago | V | 88 |
| | | Prim. Abil. | S | 95 |
| | | (T) | W | 77 |
| | | Age Norms | R | 89 |
| | | | M | 98 |

Standard Score (Sigma): −2, −1, Md., +1, +2

‖IQ Group: —77, 78—91: 5% VD Very Dull; 20% D Dull; 92—99: 25% NL Normal Lower; 100—107: 25% NU Normal Upper; 108—120: 20% B Bright; 121+: 5% VB Very Bright

Based on Terman's 1,000 Binet Tests Unselected Children 1916

**ACHIEVEMENT TESTS**

| Date | Test | TU | Form | Gr. | C.A. | RESULTS | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| March 1945 | Diag. Exam. Silent Reading Abilities | T | M | 10 | 15-2 | Grade Norms | Central Thought B+ | Cl. Stated Details B+ | Inf. B+ | Integ. of Dis'd Ideas B+ | Drawing Inf. B+ | Reading Level B+ |
| Dec. 1946 | Coop. Eng. | T | – | 12 | 16-11 | Percentiles | Mech. 84 | Effic. 86.9 | | Reading Comp. 85.3 | | Total 86.3 |

| Date | Gr. | MUSIC - Seashore (Revised) |
|---|---|---|
| | | *Pitch........ Loudness........ Rhythm........ |
| | | Time........ Timbre........ Tonal Mem........ |
| | | ART - Meier Art Tests ‖Percentile |
| | | 1. Art Judgment |

| Date | Test | TU | Form | Gr. | C.A. | Results |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |

**INTEREST INVENTORIES**

| Date | Title | Form | Gr. | C.A. | Outstanding Interest |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |

*Standardized Norms by Grades in deciles, 1 highest, 10 lowest
‖For percentile, indicate comparison group

COMMENTS June 29, 1947

First quarter graduating class
390 in graduating class

****The markings of various teachers appear in different colors.

jaarverslae van die Direkteur van Onderwys geen aanduiding van die bestaan van kumulatiewe data in die Transvaalse primêre skole nie. Miskien is die rede hiervoor die feit dat eksamendril so sterk beklemtoon was met die oog op die aflegging van hoofdelike eksamens.

### 3.3.5.1 Die kaartregisterstelsel van 1925

'n Belangrike stap is in 1925 deur die T.O.D. geneem toe daar oorgegaan is om statistiese ge= gewens te begin versamel van leerlinge in goewer= mentskole. 'n Sentrale buro is in die Onderwys= departement opgerig met die doel om die bestaande kaartregisterstelsel wat tot in daardie stadium op blote waarneming gegrond was, doeltreffender te laat fungeer. Onderwysstatistieke soos die trek van leerlinge van buitedistrikte na stede, leerlinge wat die skool vir goed verlaat en ouder= domme van leerlinge, sou voortaan sorgvuldiger nagegaan word. Die Direkteur het in sy jaarver= slag van 1925 beklemtoon dat die "... getal leerlinge wat die skool vir goed verlaat (het) was herhaaldelik die onderwerp van ekonomiese be= sprekings". In gebiede waar sogenaamde jeugrade bestaan het, kon die nodige kontrole uitgeoefen word, maar elders was die beheer van skoolver= laters onmoontlik en eintlik 'n geldelike verlies

. vir die goewerment.[141]

Hierdie verwikkelinge moet gesien word as 'n ge=leidelike ontplooiing van die nuwe onderwysbe=deling van die 20ste eeu wat die kind as vol=waardige mens wou opvoed en help om eendag iets in die lewe te word. Maar die totale vermoëns van die kind sou ingespan moes word om aan hom die grootste voordeel te besorg.[142]

3.3.5.2 Die noodsaaklikheid van beroepsvoorligting

In 1934 het M.J. Prinsloo - later beroepsvoor=ligter van die T.O.D. - die noodsaaklikheid van beroepsvoorligting beklemtoon. Hy het daarop ge=wys dat faktore in die lewe van die kind soos aan=leg (vermoëns), temperament en belangstelling be=langrike aspekte was by 'n beroepskeuse of wanneer 'n leerling 'n hoërskoolloopbaan wou volg. By die T.O.D. was die nodige masjinerie egter nog nie in werking om sulke belangrike kumulatiewe gegewens doeltreffend aan te wend nie. Gevolglik het baie leerlinge voortgegaan soos dit die sak of

---

141) T.O.D.: Jaarverslag, 1925-12-31, p. 8.
142) GROENEWALD, A.J.: 'n Handleiding in be=roepsvoorligting, p. 140.

die wens van die ouer gepas het - die nadelige gevolge ten spyt.[143)]

Die Transvaalse Onderwysersvereniging het eweneens die T.O.D. ernstig versoek om "... 'n rekordkaart in oorleg met onderwysers te laat opstel vir gebruik alleenlik deur die prinisipaal en staf van die skool wat gegewens sal verstrek oor die temperament en intellektuele kapasiteit van elke kind in daardie skool, en wat sal dien as infor= masie vir die prinsipaal om die kind raad te gee by skoolverlating".[144)]

### 3.3.6 Kumulatiewe gegewens onder Amerikaanse beïnvloeding

In die volgende paragrawe sal aangetoon word hoe kumulatiewe data deur die Amerikaanse stelsel beïnvloed is.

#### 3.3.6.1 Die bevindinge van die Provinsiale Onder= wyskommissie van 1937 (Nicol-kommissie)

Die Kommissie het bevind dat die Transvaalse

---

143) PRINSLOO, M.J.: Verslagkaarte. Die Kriste= like Skoolblad, September 1934, p. 38.
144) Loc. cit.

primêre onderwys wat die verskaffing van doelmatige gegewens betref, "... in 'n sekere mate by ander lande agtergebly" het. Die aanstelling van 'n "navorsingsbeampte" is aanbeveel wat proefneming moes uitvoer" ... met die oog op die invoering van 'n volledige stelsel in verband met die opteken van die vordering, bekwaamheid, ens. van elke kind ...". Hierdie gegewens moes te enige tyd beskikbaar wees op 'n sogenaamde "gegewenskaart" met betrekking tot die volgende aspekte rakende die skoolkind: huislike milieu, liggaamsbou, gesondheid, bekwaamheid, aanleg, skoolprestasies, temperament en karakter. Die Nicol-kommissie het voorts daarop gewys dat uitgebreide proefneming in verskeie lande gedoen is in dié verband, "... en die resultate hiervan sal beskikbaar wees vir die navorsingsbeampte".[145] Hiermee het die Kommissie eintlik die deure vir oorsese invloed oopgegooi.

3.3.6.2 Skoolverlatingskaart (Lab. 36)

Gedurende Oktober 1937 is 'n stelsel van skoolverlatingskaarte, Lab. 36, wat deur die Departement van Arbeid en Volkswelsyn "ontwerp" is,

---

145) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie van Transvaal, 1937, par. 703.

deur die T.O.D. vir gebruik in Transvaalse pri= mêre skole ingevoer. Hoofde moes toesien dat hierdie kaarte - saamgestel uit 'n sogenaamde "Eerste Skedule" en 'n "Tweede Skedule" - vir elke leerling onder 18 jaar wat die skool ver= laat, voltooi word.[146)]

Veral die "Tweede Skedule" - gedeelte van hier= die kaarte, alhoewel gewysig, toon Amerikaanse beïnvloeding indien dit met die "Montclair cumulative personal record" vergelyk word. Die volgende aspekte toon duidelike ooreenkoms: naam van leerling, geboortedatum, waarskynlike datum van skoolverlating, onderwyskwalifikasies, gesondheidstoestand, verstandelike vermoë, hand= vaardigheid, beroepstoetse en ander persoonlike eienskappe soos aandag, ywer, deeglikheid en stiptheid.[147)]

Die waarde van hierdie kaarte het gelê in die feit dat leerlinge na aanleiding van die kumu= latiewe gegewens voorgelig kon word met die keuse van 'n beroep of die verskaffing van werk. Wit kaarte is vir seuns en ligrooi kaarte vir

---

146) Departementele omsendbrief, no. 14 van Oktober 1937, p. 279.
147) Ibid., p. 283.

Die Lab. 36-skoolverlatingskaart:

*1.* ______________________________________________

| *Familienaam* | *Ander Name* | *Datum van Geboorte* |
|---|---|---|
| | | |

*2.* *Waarskynlike datum van skoolverlating* ..................

*3.* *Onderwyskwalifikasies* ..............................

*4.* *Gesondheidstoestand* ................................

*5.* *Toon die leerling 'n besondere aanleg vir-*

*(a) Verstandelike Werk*✱ *(b) Handewerk*≠

........................... ...........................

........................... ...........................

........................... ...........................

*6.* *Uitslae van beroepstoetse (indien enige)*

...........................................................

*7.* *Is die leerling nog onderhewig aan verpligte skoolbesoek?*

...........................................................

*8.* *Aandag, ywer, deeglikheid, ens., soos gedurende die skoollewe opgemerk* ................................

...........................................................

...........................................................

Prinsipaal

......................

Skool

Datum ............................

✱ Vermeld die beste vakke, bv. tale, rekenkunde, ens.

≠ Vermeld die aard van die ambag waarvoor 'n besondere aan= leg getoon word, bv. ingenieurswese, houtwerk, ens.

Tabel 3.4

dogters aangelê.[148] Die genoemde aspekte dui op Amerikaanse beïnvloeding aangesien dit daar geruime tyd toegepas is.

Genoemde kaarte is aan die naaste "Jeugraad" gestuur nadat 'n leerling die skool verlaat het.[149] Vergelyk in dié verband die Amerikaanse gebruik waar 'n kumulatiewe verslagkaart na die "state employment service" of "prospective employers" versend word wanneer 'n leerling die skool ver= laat.[150]

3.3.6.3 <u>'n Nuwe rekordstelsel vanaf 1942 in Transvaalse primêre skole</u>

Die Lab. 36-kaart is aan die einde van 1941 in= getrek en vanaf 1942 vervang met die sogenaamde "Verslag A"- en "Verslag B"-rekordkaarte. Die oorwegings wat die T.O.D. daartoe genoop het, was:

* die verslag van die Nicol-kommissie;

---

148) Loc. cit.
149) Ibid., p. 281.
150) WARTERS, op. cit., op. 258.

* oorwegings van beroepsvoorligting;

* moontlike vervanging van eksterne deur in= terne eksamens;

* die noodsaaklikheid om 'n beeld te hê van die kontinuïteit van 'n leerling se ont= wikkeling en vordering gedurende sy skool= loopbaan.[151).]

Hiermee het die T.O.D. in der waarheid die oor= sese beïnvloeding op die verslagkaarte erken. Hierdie stelling word gemaak omdat dieselfde kumulatiewe data algemeen op Amerikaanse kaarte voorgekom het en omdat die Nicol-kommissie die "uitgebreide proefnemings", "resultate", en "be= skikbaarstelling" van kumulatiewe gegewens van "ander lande" inderdaad vir plaaslike gebruik aanbeveel het.[152)]

In <u>Algemene omsendbrief no. 32 van 1941</u> verklaar die Onderwysdepartement dat kumulatiewe gegewens oor 'n leerling wat die primêre skool verlaat,

---

151) Algemene omsendbrief no. 32 van 1941, p. 2.
152) Verslag van die Transvaalse onderwyskom= missie, 1937, par. 703.

onderwysers in staat sou kon stel om die doel=treffendste vakkeuse volgens die leerling se vermoëns en aanleg te doen. Dus kon die leer=ling na die "regte" sekondêre skool verwys word. Kumulatiewe gegewens sou voorligters ook in staat stel om beroepsleiding in engere of breëre ver=band voor te stel.[153] Soortgelyke oogmerke word met die kumulatiewe gegewens op Amerikaanse kaarte beoog en daarom moes daar sprake van be=ïnvloeding gewees het.


### 3.3.6.4 Die "Provisional Form" van die "American council of Education"

Hierdie kumulatiewe verslagkaart wat deur boge=noemde "Council" ontwikkel is, is volgens Myers in toenemende mate in primêre V.S.A.-skole ge=durende die tweede kwart van die 20ste eeu ge=bruik.[154] Hierdie kaart kon dus 'n gepaste voorbeeld vir die T.O.D. gewees het, wat juis op soek was na 'n wyse van kumulatiewe gegewens doeltreffend aan te bring.

---

153) T.O.D.: Algemene omsendbrief no. 32 van 1941, p. 2.
154) MYERS, op. cit., p. 241.

## Die "Provisional Form"[155]




155) Ibid., pp. 242-44.

| No. | Item | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 29 | YEAR | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 30 | AGE | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 31 | NOTABLE ACCOMPLISHMENTS UNUSUAL EXPERIENCES | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 32 | CLUBS, OFFICES | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 33 | EXTRA CURRICULUM EXPERIENCES | ATHLETIC | | | | | | | | | | | | | | | |
| 34 | | HOURS A WEEK | | | | | | | | | | | | | | | |
| 35 | | NON ATHLETIC | | | | | | | | | | | | | | | |
| 36 | | HOURS A WEEK | | | | | | | | | | | | | | | |
| 37 | VOCATIONAL EXPERIENCES | TYPE AND DURATION | | | | | | | | | | | | | | | |
| 38 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 39 | | HOURLY PAY | | | | | | | | | | | | | | | |
| 40 | | HOURS A WEEK | | | | | | | | | | | | | | | |
| 41 | SUPPORT OF SELF AND DEPENDENTS | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 42 | LOANS AND SCHOLARSHIPS | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 43 | STUDY CONDITIONS AND HOURS OF STUDY A WEEK | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 44 | SUMMER EXPERIENCES | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 45 | EDUCATIONAL PLANS | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 46 | EDUCATIONAL SUGGESTIONS | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 47 | VOCATIONAL AND PROFESSIONAL PREFERENCES | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 48 | INTERESTS REPORTED | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 49 | PHYSICAL DISABILITIES | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 50 | HEALTH | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 51 | MENTAL HEALTH | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 52 | SOCIAL ADJUSTMENTS AND HOME CONDITIONS | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 53 | COMMUTING TIME HOURS A WEEK | | | | | | | | | | | | | | | | |

Tabel 3.5

| | | | |
|---|---|---|---|
| 54 | STUDENTS ADDRESSES<br>H=HOME<br>S=SCHOOL<br>T=TELEPHONE | | |
| 55 | PERSONALITY RATINGS | +2 | |
| 56 | | +1 | |
| 57 | | 0 | |
| 58 | | -1 | |
| 59 | | -2 | |
| 60 | PERSONALITY MEASUREMENTS<br>NAMES OF TESTS USED | | |

| | NAME | HEALTH | RELIGION | DECEASED DATE | PLACE OF BIRTH | ARRIVED IN U.S. DATE | EDUCATION DEGREE AND KIND | OCCUPATIONS | ADDRESSES | TEL. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 61 | FATHER | | | | | | | | | |
| 62 | MOTHER | | | | | | | | | |
| 63 | STEP PARENT | | | | | | | | | |
| 64 | GUARDIAN | | | | | | | | | |

| | A BOYS IN FAMILY | AGE | LIVING AT HOME | SCHOOLING | OCCUPATION | B GIRLS IN FAMILY | AGE | LIVING AT HOME | SCHOOLING | OCCUPATION | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 65 | | | | | | | | | | | C LANGUAGE SPOKEN IN THE HOME BEFORE 10 AFTER 10 | E IF PARENTS ARE SEPARATED GIVE DATE |
| | | | | | | | | | | | D TYPE OF HOME COMMUNITY BEFORE 10 AFTER 10 | |

AMERICAN COUNCIL ON EDUCATION CUMMULATIVE RECORD FOLDER FOR SCHOOL STUDENTS. (PROVISIONAL FORM)

In die volgende paragrawe sal die invloed van die "Provisional Form" op die rekordstelsel van die T.O.D. aangetoon word.

Die T.O.D. se nuwe rekordstelsel het eintlik uit twee dele bestaan: 'n sogenaamde "Volledige Ver= slag" - ook "A" of T.O.D. 424 genoem - en 'n"Beknop= te Verslag" - vorm "B" of T.O.D.425, T.O.D.424, die gedeelte wat vertroulike gegewens bevat het, is by skoolverlating van 'n leerling in die be= trokke skool in kunsmetaalkabinette geberg. T.O.D. 425 daarenteen is na die volgende skool waar die leerling aangemeld het, versend.[156] Hierdie reëlings was eweneens van toepassing by die kumulatiewe stelsel soos deur V.S.A.-skole gebruik - reeds sedert die twintigerjare.

Verdere voorbeelde van beïnvloeding is die vol= gende: Rekordkaart T.O.D. 424 het op sigself uit verskillende afdelings (A,B,C,D en E), elk met verskeie kleinere onderafdelings, bestaan. So ook rekordkaart T.O.D. 425 wat uit 'n A-, B- en C-afdeling bestaan het.[157] Dis duidelik

---

156) T.O.D.: Algemene omsendbrief no. 32 van 1941, p. 6.
157) Loc. cit.

dat die samestellers van die rekordkaart hiermee probeer het om die maksimuminligting oor 'n leer= ling te bekom - weer eens 'n duidelik bewys van die oorsese invloed.

Die "Provisional Form" bestaan uit nie minder nie as 65 afdelings, sommige met verskeie kleinere onderafdelings. Die T.O.D. 424-rekordkaart toon in soveel as 38 gevalle ($\pm$ 58%) ooreenkoms met die eersgenoemde waarvan die volgende enkele voorbeelde is: inskrywingsnommer, indeksnommer, geboortedatum, naam van skool, beroep van ouer, huislike toestande, lewenstandaard, kerkverband, algemene voorkoms van leerling (groot, klein), gesondheidstoestand, redes vir vertraging of ver= snelling in 'n bepaalde standerd, intelligensie, vakprestasies, skoolvakke, druip of slaag (be= vordering), skoolbesoek, persoonlikheidskenmerke, ander persoonlike aktiwiteite, en die datum van versending van kumulatiewe gegewens na die vol= gende skool.

3.3.6.5 <u>Die Ed. Lab.I-kumulatiewe verslagkaart</u>

Die toepassing van die Wet op Registrasie vir Werk (Wet no. 34 van 1945) het skoolhoofde verplig om sekere inligting van leerlinge wat die skool

verlaat, aan Jeugrade beskikbaar te stel.[158) ] Hierdie verpligting, tesame met die algemene vordering op onderwysgebied in Transvaal - veral na die invoering van die nuwe sillabusse in 1942 - het veroorsaak dat nuwe aanpassings in die onderwys gemaak moes word. Dit het onder andere meegebring dat die rekordverslae, T.O.D. 424 en 425, met 'n nuwe, doeltreffender kumulatiewe verslagkaart - Ed. Lab. I - vervang is. Hierdie verslagkaart is in samewerking met die Departement van Arbeid asook verskeie ander instansies opgestel en is vanaf 1948 in Transvaalse skole aangewend en met kleinere wysigings tot 1960 nog deur die T.O.D. gebruik.[159)]

Amerikaanse beïnvloeding op hierdie kaart (Tabel 3.6) is opvallend as op die volgende gelet word: Dis 'n tipiese 'Amerikaanse' 4-vouer.[160)] Dis ontwerp met die doel om 'n geheelbeeld van die leerling te verkry, waar die primêre skoolloopbaan van besondere belang is veral ten opsigte van die leerling se vermoëns, temperament en karakter. Deur Warters word dit saamgevat as "... an

---

158) Wet no. 34 van 1945, art. 9.
159) Departement van Arbeid: <u>Kursus vir vakkundige personeel</u>, Augustus 1959, p. 97.
160) MYERS, op. cit., p. 242.

Die kumulatiewe verslagkaart wat deur die T.O.D. gebruik word:

No. ____________
Index __________
Verwysing

ED. LAB. 1.
Strictly Confidential.
Streng Vertroulik.

**CUMULATIVE RECORD CARD.**
**KUMULATIEWE VERSLAGKAART.**

[Use White Cards for Boys and Pink for Girls (Europeans)./Gebruik wit kaarte vir seuns en ligrooi vir meisies (Blankes)].

I. (1) Surname ____________ Christian names ____________
Van Voorname
(2) Date of Birth ____________ (3) Home language(s) ____________
Geboortedatum Huistaal(e)
(4) Age at which child first came to school ____________
Ouderdom by eerste toelating van kind tot skool .

II. SCHOOLS ATTENDED. (To be filled in as required.)
SKOLE BESOEK. (Vul in waar nodig.)

| | Name of Present School.<br>Naam van huidige skool. | School Board.<br>Skoolraad. | Medium of Instruction.<br>Voertaal. | Admission.<br>Toelating.<br>Date.<br>Datum. | Admission.<br>Toelating.<br>Std. | Departure.<br>Verlating.<br>Date.<br>Datum. | Departure.<br>Verlating.<br>Std. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | | | | | | | |
| 2 | | | | | | | |
| 3 | | | | | | | |
| 4 | | | | | | | |
| 5 | | | | | | | |
| 6 | | | | | | | |

## III. Psychological Tests.
## Sielkundige Toetse.

| Date. Datum. | Name of Test. Naam van toets. | Result. Resultaat. | Remarks. Opmerkings. |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |

## IV. Medical Report. (School Medical Card to be attached, if available.)
## Mediese Verslag. (Mediese skoolkaart moet bygevoeg word, indien beskikbaar.)

| Health. (Use Code in Directions Card.) Gesondheid. (Gebruik kode in aanwysingskaart.) | Std. V (VI). | Std. VIII. | Std. X. |
|---|---|---|---|
| (a) General Health.......... Algemene gesondheid | | | |
| Nutrition, fatigue, etc.......... Voeding, vermoeidheid, ens. | | | |
| (b) Effects of illness on school attendance.......... Uitwerking van siekte op skoolbesoek | | | |
| (c) Any obvious physical defect, ailment or abnormality.......... Enige opmerklike liggaamlike gebrek, ongesteldheid of afwyking | | | |
| (d) Successful treatment for (c) above.......... Suksesvolle behandeling vir (c) hierbo | | | |

V.—SCHOOL ATTAINMENTS RECORD. (Subjects not mentioned should be written into spaces provided. See Directions Card.)
SKOOLPRESTASIES. (Vul vakke aan wat nie genoem is nie. Sien Aanwysingskaart.)

**Primary School/Laerskool.**

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Year........................ Jaar | | | | | | | | | | |
| Standard.................... Standerd | | | | | | | | | | |
| English (main/second)— (a) Reading............... | | | | | | | | | | |
| (b) Composition............ | | | | | | | | | | |
| (c) Language.............. | | | | | | | | | | |
| Afrikaans (hoof/tweede)— (a) Lees................... | | | | | | | | | | |
| (b) Opstel................. | | | | | | | | | | |
| (c) Taal.................. | | | | | | | | | | |
| Arithmetic (mechanical)...... Rekenkunde (meganiese) | | | | | | | | | | |
| Arithmetic (problem)......... Rekenkunde (probleem) | | | | | | | | | | |
| Handwork.................. Handwerk | | | | | | | | | | |
| Science.................... Wetenskap | | | | | | | | | | |
| History.................... Geskiedenis | | | | | | | | | | |
| Geography.................. Aardrykskunde | | | | | | | | | | |

**Post Primary/Na Laerskool.**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Year...................... Jaar | | | | | | |
| Standard.................. Standerd | | | | | | |
| English (main/second)...... | | | | | | |
| Afrikaans (hoof/tweede)..... | | | | | | |
| Third Language........... Derde taal | | | | | | |
| Arithmetic................ Rekenkunde | | | | | | |
| Mathematics............... Matesis | | | | | | |
| Social Studies. Maatskaplike studies. | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| Sciences. Wetenskappe. | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Civics / Burgerkunde | | | | | | | | | | |
| Hygiene / Gesondheidsleer | | | | | | | | | | |
| Art / Kuns | | | | | | | | | | |
| Handwriting / Handskrif | | | | | | | | | | |
| Other Subjects. Ander vakke. ________ | | | | | | | | | | |
| ________ | | | | | | | | | | |
| ________ | | | | | | | | | | |
| ________ | | | | | | | | | | |
| Age of Child / Ouderdom van kind | | | | | | | | | | |
| Pass/Fail (P. or F.) / Slaag/Druip (S. of D.) | | | | | | | | | | |
| Average Aggregate for Child (%) / Gemiddelde totaal van kind (%) | | | | | | | | | | |
| Average Aggregate for Class (%) / Gemiddelde totaal van klas (%) | | | | | | | | | | |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Subjects with Vocational Bias. Vakke met beroepstendense. ________ | | | | | | |
| ________ | | | | | | |
| ________ | | | | | | |
| ________ | | | | | | |
| ________ | | | | | | |
| ________ | | | | | | |

## VI.—Placement in Special Class or School.
## Plasing in Spesiale Klas of Skool.

Kind of Defect________________
Soort afwyking

Admission Date________________
Toelatingsdatum

Date of Placement back in Normal Class________________
Datum teruggeplaas in klas vir normales

Brief Progress Report if child was in Special Class (or attach Individual Record Booklet)________________
Kort Vorderingsverslag indien kind in Spesiale Klas was (of heg indiwiduele Verlsagboekie aan)

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

VII. STANDARDISED SCHOLASTIC TEST RECORD. (To be filled in, if possible.)
GESTANDAARDISEERDE SKOLASTIESE TOETS-VERSLAG. (Ingevul te word, indien moontlik.)

| | Subject. Vak. | Score. Telling. | Date. Datum. | Test. Toets. | Score. Telling. | Date. Datum. | Test. Toets. | Score. Telling. | Date. Datum. | Test. Toets. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Afrikaans. | Lees............... | | | | | | | | | |
| | Woordeskat........ | | | | | | | | | |
| | Taal............... | | | | | | | | | |
| English. | Reading........... | | | | | | | | | |
| | Vocabulary........ | | | | | | | | | |
| | Language.......... | | | | | | | | | |
| Arithmetic. Rekenkunde. | Operations......... Bewerkings | | | | | | | | | |
| | Problems.......... Probleme | | | | | | | | | |

## VIII. Personality Reactions. (See Directions Card.)
## Persoonlikheidsreaksies. (Sien Aanwysingskaart.)

| | Std. V/VI. | Std. VIII. | Std. X. |
|---|---|---|---|
| (*a*) Initiative.................................<br>Inisiatief | | | |
| (*b*) Self-confidence.............................<br>Selfvertroue | | | |
| (*c*) Sense of Duty...............................<br>Pligsbesef | | | |
| (*d*) Persistence.................................<br>Volharding | | | |
| (*e*) Sociability.................................<br>Sosiale aanpasbaarheid | | | |
| (*f*) Mannerliness................................<br>Gemanierdheid | | | |
| (*g*) Neatness....................................<br>Netheid | | | |
| (*h*) Reliability.................................<br>Betroubaarheid | | | |
| (*i*) Disposition.................................<br>Geaardheid | | | |
| (*j*) Concentration...............................<br>Konsentrasie | | | |

(*k*) Behaviour Problems (if any)—Std. V/VI____________________
Gedragsprobleme (indien enige)—Std. V/VI

Std. VIII______________________________________

Std. X_________________________________________

## IX. General Information. (To be filled in when pupil leaves school.)
## Algemene Inligting. (Vul in wanneer kind skool verlaat.)

(1) Pastimes and hobbies (ability and interest during and/or after school hours)
Tydverdrywe en liefhebberye (bekwaamheid en belangstelling gedurende en/of na skoolure)

(2) General tendency (underline): Intellectual, Social, practical, manual, artistic.
Algemene neiging (onderstreep): Intellektueel, sosiaal, prakties, handvaardig, artisties.

(3) Vocational and Technical Training (courses completed)
Beroeps- en Tegniese Opleiding (kursusse voltooi)

(4) Probable date of seeking employment
Waarskynlike datum waarop werk gesoek sal word

(5) (a) Vocations chosen by juvenile :—
Beroepe deur kind gekies :—

(i)__________ (ii)__________ (iii)__________

(b) Vocations chosen by parents :—
Beroepe deur ouers gekies :—

(i)__________ (ii)__________ (iii)__________

(c) School's recommendations. (See Directions Card) :—
Aanbevelings van skool. (Sien Aanwysingskaart) :—

(i)__________ (ii)__________ (iii)__________

(d) Vocational Advisor's advice__________
Raad van Beroepsvoorligter

X. (a) HOME CONDITIONS.
HUISLIKE OMSTANDIGHEDE.

(b) AFTER-SCHOOL ACTIVITIES. (See Directions Card.)
NASKOOLSE BEDRYWIGHEDE. (Sien Aanwysingskaart.)

XI. FOR USE BY PLACEMENT OFFICER.
VIR GEBRUIK VAN WERKVERSKAFFINGSBEAMPTE.

| Address of Workseeker. Adres van werksoeker. | Address of Parents or Guardian. Adres van ouers of voog. | Changes of Address. Adresveranderings. | Tel. No. |
|---|---|---|---|
| 1. | | | |
| 2. | | | |
| 3. | | | |

## XII. Placement and After-care.
## Plasing en Nasorg.

1. Continued Education :—
   Voortgesette opleiding :—
   (i) Where ______ (ii) Course ______
   Waar            Kursus
   (iii) Aptitude or Defects ______
   Aanleg of gebreke
   ______

| 2. (a) Employers before Registration. Werkgewers voor registrasie. | Started. Begin. | Left. Verlaat. | Wage. Loon. | Employed as, and Experience. In diens as en ervaring. | Reason for Leaving. Oorsaak van verlating. | Dates/Datums. Registered. Geregistreerd. | Lapsed. Verval. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| (b) Employers after Registration. Werkgewers na registrasie. | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

Tabel 3.6

3. (a) Cumulative After-care Report
Kumulatiewe nasorgverslag

(b) Report (five years after placement)
Verslag (vyf jaar na plasing)

accumulation of comprehensive information about a student ..."[161]

Afdelings I-VIII wat op die primêre skool van toepassing is, dek almal gegewens wat reeds deur die "National Committee on Cumulative Records" van die "U.S. Office of Education" as noodsaak=lik beskou en algemeen op kumulatiewe kaarte in=gesluit is.[162] Die oorsese beïnvloeding in laasgenoemde geval is eintlik vanselfsprekend, veral as in aanmerking geneem word dat genoemde afdelings 66% van die totaal (XII afdelings) beslaan.

### 3.3.6.6 Slot

Die oorsese invloede op die kumulatiewe data van die Transvaalse primêre skole moet as voordelig beskou word. Dit het in 'n behoefte voorsien en die Transvaalse onderwys verbeter en bevorder, aangesien op wetenskaplik beproefde wyse 'n ge=heelbeeld van elke leerling gevorm kon word. So is 'n positiewe bydrae gelewer om die primêre skoolkind in Transvaal met doeltreffende onder=

161) WARTERS, op. cit., p. 240.
162) Ibid., p. 240-1.

wys te bevoordeel.

## 3.4 Sentralisasie

### 3.4.1 Die "Engelse Idee"

Sedert die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog (1899) was Britse staatsmanne in Transvaal deur= gaans beheb met die sogenaamde "Engelse Idee". Die Britse Direkteurs van Onderwys in die oor= wonne Transvaalkolonie - vanaf Sargant tot Adamson - was elkeen 'n doelbewuste draer van die "Engelse Idee" en het dit in die primêre onderwys toegepas omdat dit anglisering bevor= der het.

Van den Heever[163)] beweer dat die "Engelse Idee" 'n stukrag en eenheidsvormende mag is, terwyl Lamberty[164)] dit as 'n aantrekkingskrag beskou. Die begrip het veral nå die seeslag van Trafalgar en die veldslag van Waterloo sterk op die voor= grond getree. Met hierdie oorlogsoorwinnings het die Britse soldaat sy Franse eweknie totaal

---

163) VAN DEN HEEVER, C.M.: Die Afrikaanse ge= dagte, p. 29.
164) LAMBERTY, M.C.G.: Philosophie der Vlaam= sche Beweging, p. 77.

verneder en daarmee die aansien van Engeland as die sterkste wêreldmoondheid finaal bevestig. Die roem wat die Britse land- en seesoldate be=haal het, het aan Engeland roem besorg wat in die loop van die 19de eeu tot 'n ongeëwenaarde krag ontwikkel het.[165)]

Die Anglo-Boereoorlog het die Transvaal direk in die atmosfeer van die "Engelse Idee" gebring. In die verengelsingsproses is Engelse beskawings=waardes hoër gestel as die Afrikaanse en Holland=se kultuurwaardes en is dit gedurig voorgehou as iets navolgenswaardigs en iets meerderwaardigs.[166)]

Die 19de eeuse Brit was trots om 'n "Englishman" te wees en hierdie gedagte het as eenheidsbegrip sy neerslag in die Britse onderwysstelsel gevind, veral vanaf die laaste kwart van die 19de eeu.[167)] Dit het hom ook in die besonder in die Transvaal=se primêre onderwys geopenbaar nadat die "Whigs" in Engeland die "Tories" in 'n algemene ver=kiesing in 1905 verslaan het. Die liberaalge=sinde "Whigs" het Verantwoordelike Bestuur aan

---

165) DU PREEZ VAN WYK, op. cit., p. 7.
166) Ibid., p. 8.
167) Ibid., p. 9.

Transvaal toegeken en J.E. Adamson, Direkteur van Onderwys vanaf 1905, kon sy beleid van sen=tralisasie in die onderwys voortsit. Sentrali=sasie het saamgeval met die periode van 'n groter Groot-Brittanje. Adamson was die persoon wat deur middel van sentralisasie reg aan die "Engelse Idee" moes laat geskied.[168)]

Sentralisasie, soos deur Adamson vanaf 1910-1924 toegepas, moet egter nie gesien word as die oor=planting van 'n Britse onderwysinstelling nie, maar eerder as die uitbouing van die Britse eenheidsgedagte ter ondersteuning van die "Engelse Idee".

### 3.4.2 Die begrip "sentralisasie" en die toe=passing daarvan vanaf 1910

Adamson het beweer sentralisasie is 'n beleid "... om groter scholen op enkele sentrums te verkrijgen in plaats van kleinere op vele sen=trums".[169)] Hy het die aandag daarop gevestig dat daar in 1909 80 bykomstige skole vir 3 000 leerlinge opgerig moes word, terwyl 2 500 skool=

---

168) Ibid., p. 12.
169) T.O.D.: Jaarverslag, 1912-12-31, p. 41.

gaande kinders in 1910 slegs 10 nuwe skole gevergverg het. "Dit betekent natuurlik centralisatie, en centralisatie, zoals elders geargumenteerd en voortdurend beweerd, is de hoofvoorwaarde van deugdelikheid".[170)]

In Die Kristelike Skoolblad van Maart 1930 word beweer: "Sentralisasie of konsolidasie van skole is 'n opvoedingsmiddel om 'n voortrefliker en doeltreffender opvoedingstelsel in dun bevolkte gedeeltes van 'n land in die lewe te roep deur klein skooltjies waar die kanse vir 'n verrykende en nasionale opvoeding maar baie gering is, te amalgameer tot een sentrale skool, sodat daar 'n demokratiese gees onder 'n so te sê geïsoleerde bevolking kan versprei en gekweek word".[171)]

### 3.4.3 Sentralisasie d.m.v. vervoer

Die toepassing van verpligte primêre onderwys in die praktyk vanaf 1910 het die regering genoop om doeltreffende voorsiening vir skoolbywoning

---

170) T.O.D.: Jaarverslag, 1910-06-30, p. 3.
171) Redaksionele artikel: Sentralisasie op die platteland as opvoedkundige noodsaaklikheid en praktiese moontlikheid, Die Kristelike Skoolblad, Maart 1930, p. 15.

van alle skoolpligtige leerlinge te maak. On=vermoënde ouers wat nie binne bereik van 'n goewermentskool was nie, moes deur middel van beurse gehelp word om hulle kinders by skole te kry. Aan sulke kinders is dan losies- of ver=voerbeurse beskikbaar gestel en in 1911 is daar reeds aan 2 967 leerlinge vervoergeriewe ver=skaf.[172)] Die koste was ,03 sent per kind per dag.[173)] Teen 1913 is aan 3 895 leerlinge ver=voer na sentrale skole verskaf, waarvoor 2 812 donkies, 91 muile, 36 osse en 48 ossewaens ge=bruik is.[174)]

In 1913 het Adamson sy tevredenheid uitgespreek met die vordering wat met sentralisasie gemaak is. Die onderstaande vergelykende tabel weerspieël hierdie stelling:[175)]

---

172) BARNARD, S.S.: 'n Histories-pedagogiese evaluering van die onderwys van die Transvaalse plaasskool, 1838-1967, p. 430.
173) T.O.D.: Jaarverslag, 1911-12-31, p. 10.
174) BARNARD, op. cit., p. 431.
175) T.O.D.: Jaarverslag, 1913-12-31, p. 5.

## Sentralisasie 1910-06-30 - 1913-12-31

Aantal primêre skole

| Leerlinge op register | 1910-06-30 | 1913-12-31 | Vermeerdering of vermindering | |
|---|---|---|---|---|
| 0 - 20 | 84 | 38 | -46 | |
| 21 - 25 | 90 | 54 | -36 | -146 |
| 26 - 35 | 183 | 119 | -64 | |
| 36 - 40 | 70 | 80 | +10 | |
| 41 - 70 | 135 | 195 | +60 | +103 |
| 71 - 100 | 26 | 59 | +33 | |
| 101 - 150 | 29 | 32 | + 3 | |
| 151 - 200 | 15 | 25 | +10 | |
| 201 - 300 | 22 | 18 | - 4 | |
| 301 - 400 | 12 | 19 | + 7 | |
| 401 - 500 | 7 | 10 | + 3 | |
| 501 - 600 | 7 | 9 | + 2 | |
| oor 600 | 4 | 9 | + 5 | |
| | 684 | 667 | | |

Tabel 3.7

Uit die genoemde tabel blyk dat die aantal skole as gevolg van sentralisasie in 3½ jaar met 17 af=geneem het. Skole met 35 en minder leerlinge - een=manskole - het van 357 na 211 (40,9%) verminder. Skole met 36-100 leerlinge (tweeman-, drieman- en viermanskole) het weer van 231 tot 334 toege=neem, dus met 44,1%. Adamson se uitspraak oor hierdie verskynsel in die onderwys was soos volg: "... de scholen waar doelmatige organisasie onmogelik is zijn met 40.9 percent (40,9%) ver=minderd en die waar dat in zekere mate wel kan geschieden zijn met 41.1 percent (41,1%) ver=meerderd. Eén klasse van scholen uit bogenoemde lijst verdient biezondere vermelding naamlik de school met van vijf en zeventig tot honderd leerlingen. Er zijn negen en vijftig van zulke scholen - verreweg het merendeel op het platteland - terwyl drie en een half jaar geleden het getal zes en twintig bedroeg, dus een vermeerdering van niet minder dan 126 percent".[176)]

---

176) Ibid., p. 6.

Alhoewel Adamson in 1914 nog steeds die nood= saaklikheid van "vooruitgang van koncentratie" beklemtoon het, was "...de uitwerking van koncen= tratie niet zo in't oogvallend als in vorige jaren..." nie. Hy het die oorsaak toegeskryf aan" die feit "...dat het hoogpeil bereikt is..." of dit kon ook wees "...dat het opschorten van grotere publieke werken de oorzaak is". Nogtans was die resultate bevredigend - aldus Adamson - en het hy dit toegeskryf aan die wyse waarop sen= tralisasie "...gesteund is door de schoolraden en de goede uitslag waarmede het beheer van de transport- en kostgelden bekroond werd".[177] Dit het meegewerk dat ongeveer een derde van die totale primêre skoolbevolking van 58 791[178] leerlinge wat in 1914 verder as 4,8 km van 'n goewermentskool woonagtig was, onderwys kon ontvang "door hetzij transportmiddelen of kost= beurzen".[179]

In 1921 het Direkteur Adamson deur middel van <u>Sirkulêre no. 1</u> 'n dringende versoek aan skool= rade gerig om die beleid van sentralisasie

---

177) T.O.D.: Jaarverslag, 1914-12-31, p. 9.
178) Ibid., Bylae I.
179) Ibid., p. 9.

sonder versuim deur te voer. Leerlinge wat die vierde standerd by eenmanskole voltooi het, moes aangemoedig word om na groter sentrale skole te gaan waar beter onderwysfasiliteite beskikbaar was. Skoolrade moes reëlings tref om hierdie versoek van Adamson uit te voer.[180)]

Met sentralisasie wou Adamson groter eenhede tot stand bring. Daarin het hy grootliks ge= slaag. In hierdie verband het hy self verklaar: "Goed beskou is onderwys 'n eenheid uit watter verskillende elemente dit ook mag bestaan ..."[181)] Eenheid in die onderwys was vir Adamson hoofsaak - die eenheid wat eie was aan die "Engelse Idee" van die groter Groot-Brittanje.

3.4.3.1 <u>Motorvervoer</u>

Die beleid om die kind na die skool te bring, is ná Adamson steeds voortgesit. Uit jaarver= slae van Direkteurs van Onderwys tot 1960 was hulle dit almal met mekaar eens dat sentralisasie gekom het om te bly. Adamson kan dus beskou word

---

180) BARNARD, S.S. en COETSEE, A.G.: Onderwys aan blankes in Transvaal, p. 204.
181) T.O.D.: Jaarverslag, 1923-12-31, p. 242.

as die grondlegger van die sentralisasiebeleid in die Transvaalse primêre skoolstelsel.

Die moontlikheid van motorvervoer is reeds in 1920 vermeld,[182] maar het eers in 1927 'n werklikheid geword met die instelling van twee skoolbusse. Hierdie wyse van sentralisasie was van die staanspoor af 'n groot sukses, want die Direkteur van Onderwys, H.S. Scott, het aanbe= veel dat die busskemas uitgebrei moes word.[183] Hierdie geslaagde diens het die hele skoolstel= sel 'n ander aanskyn gegee: dit was vinniger, deegliker as dierevervoer, veiliger, het skool= besoek verhoog, die onderwys oor die algemeen verbeter en gelei tot 'n gelukkiger skoolgemeen= skap.[184] In 1935 was daar reeds 84 busskemas en in 1936 was daar 95.

---

182) Report of the Education Commission (1917), p. 43.
183) T.O.D.: Jaarverslag, 1926-12-31, p. 20.
184) T.O.D.: Jaarverslag, 1931-12-31, p. 11.

Toename in vervoerskemas, 1927-1936[185]

| Jaar | Aantal vervoerskemas | Toename |
|---|---|---|
| 1927 | 2 | |
| | | 3 |
| 1928 | 5 | |
| | | 2 |
| 1929 | 7 | |
| | | 27 |
| 1930 | 34 | |
| | | 11 |
| 1931 | 45 | |
| | | 13 |
| 1932 | 58 | |
| | | 9 |
| 1933 | 67 | |
| | | 14 |
| 1934 | 81 | |
| | | 3 |
| 1935 | 84 | |
| | | 11 |
| 1936 | 95 | |

Tabel 3.8

Die tabel toon 'n geringe daling in 1929, maar 'n skerp styging in 1930. Daarvandaan was die vermeerdering tot in 1936 taamlik konstant.

185) T.O.D.: Jaarverslag, 1936-12-31, p. 30.

Invloed van vervoerskemas op skole en inskrywing, 1934-1941[186]

| Jaar | Aantal primêre skole | Aantal Leerlinge | Leerlinge per skool |
|---|---|---|---|
| 1934 | 1 132 | 124 691 | 110 |
| 1939 | 903 | 134 202 | 148 |
| 1940 | 845 | 134 711 | 159 |
| 1941 | 797 | 130 402 | 164 |

Tabel 3.9

Die tabel toon dat die aantal skole oor die tyd=perk 1934-1941 met 70,4% verminder het, terwyl die leerlinge per skool met 49% toegeneem het.

Die tabel toon nie gegewens vir 1938 nie, maar in daardie jaar was reeds 47 plaasskooltjies gesluit[187] en is 8 303 leerlinge met busse na gesentraliseerde skole vervoer.[188]

Die skoolbusvervoerstelsel het met verloop van tyd steeds verbeter. Hinderlike toestande met betrekking tot skoolbusse as sodanig is deur

186) T.O.D.: Jaarverslag, 1941-12-31, p. 13.
187) T.O.D.: Jaarverslag, 1938-12-31, p. 11.
188) Ibid., pp. 26-27.

strenge keuring en toetsing van busse uitgeskakel. Gedurende die sestigerjare is dan ook slegs die sogenaamde A-busse vir vervoerskemas toegelaat, wat leerlinge teen 'n gemiddelde tarief van 51,72c per skooldag vervoer het. In 1960 was daar 868 vervoerskemas, wat 44 641 leerlinge ver= voer het, in diens van die T.O.D.[189] - 'n toe= name van 866 skemas in slegs 34 jaar. As hier= die feite in oënskou geneem word, moet die sen= tralisasiebeleid van J.E. Adamson, ongeag die Britse beïnvloeding, as 'n weldaad aan die pri= mêre onderwys van Transvaal beskou word.

### 3.4.4 Sentralisasie deur middel van koshuise

Hierdie beleid loop hand aan hand met die beleid van sentralisasie deur middel van vervoer. Die sentralisasiebeleid deur middel van losiesver= skaffing soos deur Adamson ingestel en ontplooi, moet eweneens gesien word as die instelling van groter eenhede waarin die klein eenhede opgeneem is. Die doel hiervan was die doeltreffende funk= sionering van 'n "whole". Toe Adamson in 1924 - na 14 jaar diens as Direkteur van Onderwys - bedank, was sy beleid in die primêre onderwys

---

189) T.O.D.: Jaarverslag, 1960-12-31, p. 19.

gevestig. Die persone wat hom opgevolg het, het die sentralisasiebeleid deur middel van koshuise ondersteun en verder uitgebou. In die dertiger=jare is sentralisasie selfs verskerp en "vernuwe", om uiteindelik 'n geïntegreerde deel van die primêre onderwys in Transvaal te word en te bly.

### 3.4.4.1 Die begin van koshuisorganisasie

Die aanvanklike reëlings vir die voorsiening van staatsondersteunde koshuise ten behoewe van pri=mêre skoolleerlinge is reeds voor die einde van die Anglo-Boereoorlog getref. Lord Milner het 'n proklamasie uitgevaardig waarvolgens koshuise van regeringsweë opgerig en in stand gehou moes word. Sulke inrigtings moes egter aan skole wat onderworpe was aan goewermentsinspeksies ver=bonde wees.[190] Hierdie maatreël moet ook as 'n metode van Milner se angliseringsbeleid gesien word.[191] Daarom was dit 'n duidelike Britse invloed op die skoolstelsel in die Transvaal=kolonie. E.B. Sargant, Direkteur van Onderwys, het in 1903 aanbeveel dat skole en koshuise op sentrale plekke opgerig moes word vir ongeveer 100 leerlinge tot by die vierde standerd, en dat

---

190) Proklamasie no. 9 van 1902, 1903-02-08.
191) WALKER, E.A.: A history of South Africa, p.501.

losiesbeurse van R2,00 per kwartaal per leerling toegestaan moes word.[192] Toe J.E. Adamson in 1905 Direkteur van Onderwys in die Transvaal=kolonie word, het hy bepaal dat losiesbeurse slegs aan leerlinge wat st. III geslaag het, en wat verder as 4,85 km van die skool af gewoon het, toegestaan moes word.[193] Op die wyse is 1 306 leerlinge na groter skole gebring om beter onderwys te ontvang.[194] Adamson se strewe was om klein plaasskooltjies teen te werk. Hy het skoolrade aangemoedig om ouers te oortuig dat beter onderwysfasiliteite by groter skole beskik=baar was as by die klein plaasskooltjies.[195]

3.4.4.2 <u>Die bepalings van die Smuts-onderwyswet van 1907</u>

Wet no. 25 van 1907 het bepaal dat koshuise by skole, klasse en inrigtings opgerig, gerepareer of gesubsidieer kon word.[196] Ouers moes toesien dat kinders wat die sewende, maar nog nie die veertiende lewensjaar voltooi het nie, gereeld 'n

---

192) FOURIE, J.J.: Koshuise en die Transvaalse skoolstelsel, p. 30.
193) T.O.D.: Jaarverslag, 1906-06-30, p. 200.
194) Ibid., p. 41.
195) T.O.D.: Jaarverslag, 1908, p. 13.
196) Wet no. 25, 1907, art. 5.

skool besoek en indien sulke kinders verder as 4,85 km van die skool af woon, en as ouers nie finansieel tot skoolbywoning van hulle kinders in staat was nie, kon die Departement hulp ver=leen of selfs gratis voorsiening maak vir kos en inwoning. Adamson was die man wat hierdie wetsbeginsels in die praktyk moes toepas. In 1909 was die beleid van sentralisasie op die platte=land reeds 'n voldonge feit. Dit het die vorm aangeneem van beskikbaarstelling van groter skole met koshuise daaraan verbonde. Skoolrade moes die finansiële aspek van die stelsel beheer en alle aangeleenthede rakende die bevolking, ekonomie en uitgestrektheid van die platteland moes in ag geneem word.[197)]

### 3.4.4.3 Koshuisvoorsiening, 1910-11

In 1910 het Direkteur Adamson die groot aantal klein plaasskooltjies "een teken van zwakte" ge=noem.[198)] Net soos vervoer, was losies (kos=huisvoorsiening) 'n aspek in die onderwys wat direk in verband met sentralisasie gestaan het.[199)]

---

197) T.O.D.: Jaarverslag, 1909-06-30, p. 19.
198) T.O.D.: Jaarverslag, 1910-06-30, p. 3.
199) T.O.D.: Jaarverslag, 1941-12-31, p. 14.

'n Kwessie wat Adamson ten behoewe van sentra= lisasie beklemtoon het, was dat groepering van standerds by sentrale skole uitgeskakel kon word. Van die 510 plattelandse skole in 1911 was 231 reeds op twee of meer onderwysers geregtig - 'n bewys van die snelle vordering wat met sentra= lisasie gemaak is.[200)]

Weens die uitgestrektheid van die platteland, was menige ouer ver van die naaste skool woonagtig. Om die skool by te woon moes die kinders dan na= by die skool "... in de kost ..." gaan, met die gevolg dat hulle vyf dae per week uit die ouer= huis was. Die gevolg hiervan was "... niet moeilik te begrijpen wat dit voor de kleine plaats= bewoner is".[201)]

Nogtans het Direkteur Adamson skoolrade aange= moedig om soveel losiesbeurse as moontilik aan leerlinge wat verder as 4,8 km van die skool woonagtig was, beskikbaar te stel. Gevolglik is daar aan die einde van 1911 reeds 1 154 losies= beurse in die bestaande 25 skoolraadsdistrikte

---

200) T.O.D.: Jaarverslag, 1911-12-31, p. 10.
201) Loc. cit.

toegestaan.[202]

### 3.4.4.4 Twee stelsels van koshuisvoorsiening

Vanaf 1912 was daar twee stelsels van koshuis= voorsiening met betrekking tot sentralisasie aan die ontwikkel, naamlik "dorpskoshuise" en "plattelandse koshuise". Barnard wys in hierdie verband daarop dat leerlinge in die Heidelbergse, Bethalse en Ermelose skooldistrikte die plaas= skool na voltooiing van 'n sekere standerd ver= laat het om op die dorpskool verdere opleiding te ontvang. Andersyds het leerlinge die sentrale skool op die platteland bygewoon waar losies be= skikbaar was.[203]

Inspekteur P.M. van der Lingen het in 1917 die gedagte geopper vir die moontlike instelling van 'n sentrale skool waarin leerlinge slegs vanaf st. III opgeneem sou word. Losiesverskaffing moes onder direkte beheer van die Departement val en die skoolhoof moes ook koshuishoof wees. Perso= neellede moes in die koshuise inwoon en dan diens

---

202) T.O.D.: Jaarverslag, 1911-12-31, p. 9.
203) BARNARD, op. cit., p. 451.

doen. So sou die euwel van eenmanskooltjies teëgewerk kon word. Personeellede kon goeie losies bekom en 'n goeie verstandhouding sou tussen leerling en onderwyser ontwikkel. Dit sou ook lei tot die uitskakeling van "de ezel".[204)]

In dieselfde jaar het inspekteur J.P. Botha die mening uitgespreek dat die sukses van sentrali= sasie in die Bloemhofse, Wolmaranstadse, Lich= tenburgse en Klerkdorpse distrikte uitsluitlik op koshuisvoorsiening gebaseer sou wees.[205)]

Die erns van die bogenoemde benadering het in 1918-19 na vore gekom nadat die Onderwyskommissie van 1917 bevind het dat daar 4 500 skoolpligtige kinders in Transvaal was wat nie skoolgegaan het nie. Gevolglik het die Kommissie aanbeveel dat alle leerlinge van 10 jaar en ouer in sentrale skoolkoshuise geplaas moes word.[206)] Dit het meegebring dat daar in 1920 'n bedrag van R2 800,00 aan 4 279 leerlinge vir losiesbeurse toegeken is.[207)]

---

204) T.O.D.: Jaarverslag, 1917-12-31, pp. 178-9.
205) Ibid., pp. 124-5.
206) Report of Education Commission appointed 1917-12-21, p. 42.
207) T.O.D.: Jaarverslag, 1920-12-31, bylae X.

3.4.4.5 Die Beurskommissie

In 1925 was die T.O.D. genoodsaak om 'n deeglike ondersoek na die besteding van fondse vir losies=beurse in te stel. 'n Beurskommissie is benoem onder die direkteurskap van H.S. Scott - 'n Brit uit Engeland - wat Adamson in 1924 opgevolg het. Een van die Kommissie se besluite was dat alle leerlinge wat verder as 24,14 km van die skool woonagtig was, "volle" losiesbeurse moes ontvang, dit wil sê 'n losiesbeurs vir sewe weeksdae - nie net vir die vyf skooldae per week nie. Hier=die besluit het veral leerlinge wat naweke nie kon huis toe gaan nie, geraak.[208] Om sentrali=sasie te bevorder, is die bogenoemde besluit in 1927 gewysig. Volgens Fourie het dit kortliks die volgende behels: "... geen leerling (sal) 'n beurs ontvang voordat hy die sewende jaar voltooi het nie. Vir leerlinge wat verder as tien myl (16 km) van die skool af woon, kan die beurs geldig wees vir elke kalenderdag van die kwartaal; die reël sal ook van toepassing wees op besondere gevalle wat nie nader as twee myl (3,2 km) van die skool af gewoon het nie. 'n Beurs kan toegeken word aan leerlinge wat minder

---

208) FOURIE, op. cit., p. 86.

as 3 myl (4,8 km), maar nie nader as twee myl (3,2 km) van die skool af woon nie, as, volgens die oordeel van die raad, so 'n leerling nie in staat is om sonder 'n beurs 'n skool te besoek nie vanweë ontoereikende slegte paaie of terrein=gesteldheid, of as die klimaatsgesteldheid van die omgewing dit vereis".[209)]

3.4.4.6 <u>Koshuisakkommodasie, 1934-1960</u>

Die beskikbaarstelling van koshuisgeriewe was eintlik vir die plattelandse kind van besondere waarde. Dit het meegewerk dat die kind geeste=lik en verstandelik beter opgevoed kon word, omdat doeltreffende onderwysfasiliteite binne bereik van die kind gebring is, met ander woorde die hele kind kon opgevoed word - nie net 'n deel van die kind, soos oor die algemeen by klein plaasskooltjies die geval was nie.[210)] Omdat daar nog steeds in verskeie gevalle wantoe=stande op die platteland in verband met losies bestaan het, het dit vir die T.O.D. duidelik ge=word dat die onderwys van die plattelandse kind

---

209) Ibid., p. 90.
210) Redaksionele artikel, Sentralisasie, 1934-1939. <u>Onderwysblad</u>, April 1960, p. 3.

teenoor dié van sy dorpsmakker, veel te wense oorgelaat het. In baie gevalle was plattelandse skoolkinders genoodsaak om die skool ná st. VI om finansiële redes te verlaat. Veral in die Transvaalse Bosveldgebied het malaria, bilhar= ziose en slegte tande die leerling se gesondheid aangetas en ondermyn.[211] Die armblankes het aangewas in plaas van afgeneem. Die provinsiale hoof van Transvaal, Administrateur S.P. Bekker, het in 1934 net een uitweg vir hierdie probleem gesien: sentralisasie.[212] Dit het neergekom op 'n stelsel van skoolplase waar seuns en dogters vanaf st. IV opgeneem sou word. Beïn= vloeding van buite Transvaal was in verskeie op= sigte by die skoolplaasstelsel opmerklik. (Hier= die aspek word in hoofstuk 4 behandel).

Anders as Direkteur Adamson, het die T.O.D. in 1935 glad nie die klein plaasskooltjies onderskat nie. Sy bydrae tot volksopvoeding en kultuurgroei is met waardering erken, maar die bestaan van sulke skooltjies - alhoewel in sommige gevalle on=

---

211) FOURIE, op. cit., p. 106.
212) T.O.D.: Algemene omsendbrief, no. 10, 1937, p. 3.

vermydelik - het tog opvoedkundige en ekonomiese probleme opgelewer. Leerlinge was verstoke van: Hout- en Metaalwerk, Kuns, buitemuurse aktiwiteite, sport, 'n goeie biblioteek, besoeke van skool= verpleegsters, besoeke van departementele psigo= loë en beroepsvoorligters, goeie geboue, was= fasiliteite, toereikende skoolterreine en skool= museums. Die klein skooltjies het hoë onder= houdskoste ingehou, huisvesting en voeding van leerlinge was ontoereikend, ouerliefde is ont= beer, die skool was moeilik bereikbaar en het jaarliks groot bedrae geld aan vervoerkoste van leerlinge en losiesbeurse vereis.[213)] Nogtans wou die T.O.D. sien dat ouerverantwoordelikheid in die opvoeding van die klein kinders gehand= haaf word deur leerlinge so lank as moontlik tuis te laat bly. Daarom is die vereiste vir die ontstaan van 'n eenmanskool verlaag van 20 tot 15 leerlinge.[214)]

---

213) Ibid., p. 5.
214) Ibid., p. 13.

Uitwerking van sentralisasie op kleinere skole.[215]

| Gradering van skool | Inskrywing | Aantal skole |
|---|---|---|
| PAS | 500 - 500+ | - |
| PA | 400 - 499 | 6 |
| PB | 300 - 399 | 7 |
| PC | 200 - 299 | 17 |
| PD | 100 - 199 | 74 |
| PE | 50 - 99 | 89 |
| PF | -50 | 95 |
| | | 288 |

Tabel 3.10

Uit die tabel blyk dat daar in 1960 slegs 95 plattelandse skole was met minder as 50 leerlinge, maar dat daar nogtans heelwat kleinere skole (PD-PF) bly voortbestaan het, ongeag die beleid van onderwyskonsentrasie.

Vanaf die laat vyftigerjare het vakatures in toe= nemende mate in koshuise voorgekom. In 1960 was daar reeds 2 287 vakatures - sowat 26% van die beskikbare akkommodasie. Die Direkteur van

---

215) T.O.D.: Jaarverslag, 1960-12-31, p. 52.

Onderwys het dié verskynsel toegeskryf aan die feit dat baie ouers verkies het om hulle kinders uit die ouerhuis te laat skoolgaan; hulle het dus van beskikbare vervoerskemas gebruik gemaak.[216)]

Koshuisakkommodasie in 1960

| | Aantal | Maksimum= akkommodasie | Totale inskrywing |
|---|---|---|---|
| Provinsiale koshuise | 68 | 8 888 | 6 601[217)] |
| Goedgekeurde koshuise | 13 | 753 | 649[218)] |
| TOTALE | 81 | 9 641 | 7 250 |

Tabel 3.11

### 3.4.4.7 Slot

Gedurende die Superintendenskap van S.J. du Toit (1881-1891) het die wyse waarop staatsonder=steuning vir C.N.O.-doeleindes beskikbaar gestel is, daartoe bygedra dat skooltjies tot in die

---

216) Ibid., p. 18.
217) Loc. cit.
218) T.O.D.: Jaarverslag, 1960-12-31, p. 19.

verste uithoeke van die Transvaalse platteland opgerig is. So het 'n beleid van desentrali= sasie - deur die skool as't ware na die kind te bring - ontplooi.[219] Nā die Anglo-Boereoorlog, met die onderwys in Britse hande, is die tra= disionele onderwys van die Afrikaner vervang met 'n Brits-gestimuleerde, teenoorgestelde beleid, naamlik sentralisasie, dit wil sê deur die kind na die skool te bring.

---

219) BARNARD en COETSEE, op. cit., p. 85.